

afskaffers is gestig en daar word „ridders” geslaan, wat BONIFACE egter een na ’n ander, van die vernaamste tot die geringste, van die kommandeur Dominé Humbug Philipumpkin tot die Hottentot Kalfachter, op klugtige wyse vir die bekoring van Bacchus laat swig. Die interessantste stukke is sinspelings op die Philipynse teorie van die onfeilbaarheid van die Hottentot-karakter en die mees klugtige situasies is die waarin die kleurlinge al slingerende optree en hul matigheidsbeloftes in Afrikaans aflê. Dit is ’n klugtige blyspel van situasie met ’n sterk tendens, ’n satiriese, realistiese spel in die trant van die agtiende eeuers. Veel karaktertekening is daar nie; die naam dui reeds aan watter karaktereienskap die persoon besit. So is daar b.v. ’n Dominé Humbug, ’n Rector Muilpeeren, Moffie van Pochmann Druiloor, Issegrim, Spotvogel, Hans Droogeheel, Piet Dronkelap ens. Agt stuks anti-temperantiste word teenoor die hele bende temperantiste en leerling-temperantiste gestel en dit word ’n droewige, roemlose slag vir laasgenoemde „ridders”.

In die eerste bedryf sin die Anti-temperantiste, veral Quizz, op wraak, oor die belediging wat hul op die openbare stigtingsvergadering, veral van die vuiste van Muilpeeren, ontvang het. ’n Paar Hottentotte, Kalfachter en Griet Drilbouten van Bedelsdorp, kom vra besonderhede oor die „Onion” van die „Malligheids-Gewerskaf” en word deur Galgevoel, onlangs tot die orde ingelyf, daarheen begelei. Dan kom Riddersporen ’n brief van sy vriend Muilpeeren bring, maar Quizz vaar uit teen hul „Jesuitisch leugen en lasterachtig *Commercial Advertiser*, Uw gansch Genootschap bestaat alleenlyk uit dweepers, dromers en dwaazen”, wil geen brief aanneem nie en loop woedend weg. Met die situasie het ons nou reeds kennis gemaak; BONIFACE het ’n geleentheid gehad om geestig te sinspeel op die dwaashede van die filantropie en die laster van hul orgaan. Die spanning is opgewek deur die brief. Die word deur Riddersporen en Muilpeeren op die grond gegooi in die hoop dat dit sal opgetel en aan die geadresseerde besorg word. Issegrim, ’n anti-Temperantis, lug sy verontwaardiging oor die „waanwijken” en „eerbegerigen”, wat besig is „’s lands welvaart te vernielen” in twisgesprek met Riddersporen en Muilpeeren, in alleenspraak

en in konwersasie met Bob Goging-Gone, 'n brandwynstoker. Issegrim sien die brief, wil dit aan die adres van Quizz besorg, maar gee dit aan Goging-Gone wat op die punt staan om Quizz te raadpleeg oor die beste manier om die Temperantiste aan te val. Goging-gone ontmoet 'n leerling-Temperantis, die Ier Andrew Everdry, wat eers astant is maar, in die hoop op brandewyn as beloning, die brief sal wegbring, wat hy onderweg oopmaak. En dan kom die verrassing — Muilpeeren vra daarin ekskuus en nooi Quizz op 'n maaltyd.

In die tweede bedryf woon ons 'n geslote vergadering van die Temperantiste by en sien dat hul hoofeienskappe juis hul onmatigheid en huigelary is. Delirium Tremens het twee dosyn bierglase gekoop op voorwendsel dat hy Punch wou skink; Galgevogel het Kalfachter na die „Union Tavern” in plaas van na die „Temperance Union” verlei; Muilpeeren het pruime in brandewyn gelê, omdat dit wel verbode was om brandewyn te drink maar nie te eet nie; Humbug is dankbaar dat die oortreders nie Hottetotte maar van die „Europische ras” is! Onder die beraadslagings watter straf die oortreders sal opgelê word, word volop suiwer water, dit wil sê jener, ingeskink. Die kwinkslae op en ironie van 'n lewenswandel, wat in skerp teenstelling staan met wat aan ander verkondig word, is kostelik hier.

In die derde bedryf kom die Anti-Temperantiste aan die beurt. O'Candid het die vrugbare brein, Spotvogel verskaf die geestigheid en die Hottetotte die plat komiese. O'Candid beraam 'n plan om die Temperantiste te verneder. Hul sal 'n gesamentlike maaltyd hou, diep in die glase kyk en na afloop na die vergadering gaan waar Kalfachter tot ridder moet geslaan word. In die vergadering sal hul die Temperantiste van onmatigheid aankla, 'n soort regsgeeding hou en hul ontmasker. Hoe gedug nodig dit is, blyk uit die gedrag van die onlangs ingelyfde Hottentotte, Waterschuw en Galgevogel, wat albei hoogdrunk is en 'n bloedige vegparty aanknoop, waarin ook hul vriende, Droogekeel en Dronkelap, betrokke word. Waterschuw en Tommy Sipdrams, 'n Engelse leerlingtemperantis, loop gearmd singend „Give me Woman, War and Wine” na die Bondsvergadering toe! Alleen 'n gebore

satirikus kan so 'n situasie bedink en sy grynslag met soveel duiwelse plesier daaroor laat speel.

Die vierde en laaste bedryf, die groot finaal, is 'n parodie van begin tot end. Eers op die inlywing van die Bedeldorpse ridder KALFACHTER, wat van die hele seremonieel niks begryp nie, behalwe dat hy sy sopies kwyt is en uitgelag word deur sy vrou GRIET DRILBOUTEN, wat met 'n kraffie jenerwer onder die tafel weggekruipt het. As hy eindelijk merk dat die ander ridders geen water maar jenerwer drink, vertrek hy met GRIETJE om insgelyks te doen. Dan word die gesamentlike vergadering gehou, 'n geharrewar tussen aanklaers en stomdronke verdedigers vind plaas en in die grootste wanorde verloop die hele byeenkoms. As epiloog deel een van die Anti-Temperantiste mee, dat HUMBUG, die groot kommandeur, aan jenerwerberoerte dood is, waarvan die „Temperance" die skuld dra. Sy gebalsemde lyk sal as „'n keepsake" aan die Staatsmuseum gegee word!

Dit is nie makkelik om altyd die draad vas te hou nie in hierdie boek van by die twee honderd bladsye; daar is eindeloos veel gepraat en heen en weer geskuif van opkomende en weggaande karakters maar tog is daar ook lewendige dialoog, karaktertipes, veral van Hottentotte, ons oorbekend, en geestige steke, soms fyner, soms growwer, wat verbasend amusant is vir wie op die hoogte van die situasie is. Hierdie burlesk moes 'n bron van die grootste vermaak gewees het vir die enersdenkende tydgenote, die inheemse Hollandse groep, wat buikvol was vir die sentimentele geteoretiseer van die vreemdelinge.

BONIFACE het groot sukses gehad waar hy maatskaplike toestande gehekkel het, maar in 1834 daal hy weer af tot 'n fel persoonlike aanval op DE LIMA in *De Gekwetste Reputatie of Het Komediellootje*, ook bekend as *Clasius of Het Proces omeen komediellootje*.¹⁾ Die „kluchtig en geschiedkundig" treurspel het betrekking op die enigsins twyfelagtige private lewe van DE LIMA, wat sy vrou verlaat het en by mej. MAGDALENA

¹⁾ Opgevoer maar nie uitgegee nie. Vgl. BOSMAN: *Drama* p. 322 en vlgg. Handskrifte in Kaapstad, *Eerw. A. Dreyer en Openbare Biblioteek*.

Theron gaan inwoon het, 'n saamwony wat tot baie lasterpraat aanleiding gegee het. Die hoofpersone, CLASIUS en LEONORA, word dan ook in geen opsig gespaar nie. Eersgenoemde word beskrywe as „*Stupidibus Bavianus*, een hoog befaamd Juris Doctor, Dichter, Drukker, Boekhandelaar, Taalmenger, Toneelmeester, Almanakmaker, Kunstplatenverkoper, Tolk, Nieuwsfabrikant, Boodschaploper, Brievenbesteller, Logogriphi-Charade-, Graftschriften- en Nieuwjaarswensschrijver” waarin ons op vyandige wyse 'n opsomming kry van sowat al die baantjies wat DE LIMA beklee het. LEONORA ly aan 'n „ongebondenheid als de hoenders”; behalwe CLASIUS het sy nog Poffer Blaasbalg en James Lawshark as huisvriende. In die eerste bedryf hoor ons hoe CLASIUS herhaaldelik 'n lootjie vir die komedie geweier word en Lawshark eindelijk 'n eis vir skadevergoeding vir die beledigde CLASIUS opstel, omdat hy die weiering as 'n klad op sy goeie naam beskou. Blaasbalg lees die eis voor met allerlei opsetlike verdraaiings of verkeerde voorstellings, wat die humor moes verskaf. Sommige is ru en laag by die grond, ander soos „P. S. dichter” as „poes-pas dichter”, „Gezworene Tolk”, as „Gezwollene Knol” werklik geestig. Lawshark lees self die lys van getuies aan die kant van CLASIUS en daarin, onder halfverbloemde name, kry ons 'n storm van haatlikhede op wat as die vriendekring van DE LIMA voorgestel word. Dit is die ou metode van die klassisitiese blyspeldigters, wat ook al by PLAUTUS en TERENCE in gebruik was. Ook die oorvege en stampe wat die ongetemde feeks aan haar huisvriende uitdeel, is in hul trant.

In die tweede en laaste bedryf word die hele lewe van CLASIUS, in die vorm van 'n monoloog, deur LEONORA beskryf. Dat hy „scribbelaar”, rymelaar, „kombuis nuus”-koerantskrywer is, 'n „Kakelbonte Bibliotheek” besit, skyn sy grootste sonde te wees, waarin ons die beskuldigings van die skrywer van *De Twee Slakken* herken. Die beste skimp van BONIFACE in die hele stuk, is die vergissing van die skout MOORMAN, wat die geld kom invorder, na CLASIUS die saak om skadevergoeding in verband met die lootjie verloor het. CLASIUS besit geen rooie duit nie, is doodsbang vir LEONORA en wil MOORMAN „de Kaapstad” gee as hy maar weggaan.

MOORMAN: Waarom, schenk gij mij niet liever de maan?
 CLASIUS: *enigszins geraakt*: Mijnheer, het is een gedicht. ¹⁾

Die blyspel eindig met 'n bakleiery tussen LEONORA en CLASIUS waarin laasgenoemde jammerlik toegetakel word voor Blaasbalg, sy konkurrent-huisvriend, die geld, wat MOORMAN moes hê vir die verlore regseding, voorskiet.

Die potsierlike situasies, die interruptions, die dubbelsinnighede, die slaafse onderdanigheid van die man aan 'n fees van 'n vrou, die liedjies, wat in nou verband met die voorafgegane inhoud staan, die gebruik van dialek (Afrikaanse uitdrukkinge) in die mond van die mindere persone van die stad, herinner soms sterk aan MOLIÈRE, hoewel BONIFACE natuurlik in die verste verte nie die peil van geestigheid van die grootmeester bereik het nie. Daarvoor was hy te fel persoonlik en sy toon te plat.

Ten koste van 'n arme sukkelaar het 'n nog groter sukkelaar Kaapstad kostelik geamuseer met verskeie opvoerings van die stuk. Ander tye, ander opvattinge van vermaak. Die rol van LEONORA is gespeel deur J. J. DE KOCK, ²⁾ sekretaris van die geselskap van BONIFACE. In 1825 het hy al meegespeel in die klugspel van BONIFACE *De Burger Edelman* ³⁾, 'n vertaling van MOLIÈRE *Le Bourgeois Gentilhomme* en hy het sekretaris geword van die geselskap *Vlyt en Kunst*, wat *Clasius* opgevoer het. In 1836 raak hy slaags met die ou vyand van sy leier, DE LIMA, en kom die slegste van die hofsak af, wat hom egter nie verhinder het om later weer sy ontevredenheid met die opvattinge van andersdenkendes in spotlied te lug nie. *Vlyt en Kunst* staan hom getrou by en daar word 'n stuk opgevoer, met die bekende liedjie uit CLASIUS, „Nognetzoo” as nastuk, „ten einde den Heer J. J. DE KOCK Cs. schadeloos te stellen van alle de kosten van zijn Ed. Proces”.

In 1837 neem hy deel aan 'n deurtrekkende Franse be-

¹⁾ Sien bespreking van „De Kaapstad”, p. 230.

²⁾ Sien verderop. Vir besonderhede oor sy toneelbedrywigheid vgl. BOSMAN: *Drama en Toneel*.

³⁾ Handskrif in Jardine-versameling, Kaapstad.

roepstoneel en die volgende jaar voer 'n groep amateurs *Montonie* van Duval in Hollandse vertaling onder sy direksie op. Maar die Kaapse dramaturg BONIFACE was nou eenkeer 'n moeilike man om mee saam te werk en teen 1843 het kok en kok se maat stry gekry, want dan skryf BONIFACE 'n Engelse klugspel *Kockincoz or the Peltifogging Lawyers' Plot, Pro Causo de Libello*. Translated from the Burlosutacrifan-patoïstisch-Language. By the Auther of CLASIUS.¹⁾ Dit is 'n bespotting van „De Kock en Co.” wat 'n „Burlo-south-African-patoïslanguage”, dit wil sê Afrikaans, praat, en die Engelse woorde sleg uitspreek. Die talekenner BONIFACE is Engels nou volkome magtig, hy skryf sy toneelstuk nie meer in Frans of Hollands nie maar in die taal van die groep, wat die septer swaai, en hekel nou sy vroeër vriende met dieselfde felheid waarmee hy sy ou vyande gegesel het.

Op so'n man kon die Hollands-Afrikaanse gemeenskap verder geen peil trek nie; daarby het hy gedurig las van sy krediteure gehad, wat hy in 1843 ontvlug, toe hy met CORNELIS MOLL, 'n gebore Afrikaner, kragtige verdediger van die belange van die Hollandse Afrikaners in die Kaapkolonie en van die versmade Voortrekkers, beroepsdrukker, uitgewer van *The Moderator*, later *De Meditator*, na Natal verhuis.

BONIFACE was enige tyd redakteur van die tweektalige weekblad van MOLL, *De Meditator*, wat sowat twee jaar bestaan het, van 1837 tot 1838. Die blad het 'n simpatieke houding teenoor die trekkers ingeneem en hul in die inleidingsartikels²⁾ sowel as in die rubriek „Origineele Poezij” verdedig en besing. Meestal is die toon beslis maar waardig, maar 'n enkele keer gaan 'n bydraer hom te buite in 'n *Ode aan . . .*³⁾ waarin die skrywer van die *Temperantisten* herkenbaar is aan die „vriendelikhede” wat Dr. PHILIP toegevoeg word, die

¹⁾ By J. C. ECKLEY, Cape Town 1843. (Eksemplaar Openb. Bibl. Kaapstad.)

²⁾ Vgl. *Waarheid en onpartijdigheid of de Meditator in het klein*: eene komplette verzameling der inleidingsartikels van het nieuwsblad de *Meditator*, 1837.

³⁾ *De Meditator*, 13 Feb. 1838.

„Akelig monster! vloek der aarde
Aanvoerder eener dievenbende!
Dat ons doet vluchten 't vaderland!”

In *Het Paradeplein op Zondag*,¹⁾ 'n lang verhalende vers, word die Metodiste nogmaals gehekel, omdat hul die preekdag „aan schreeuwende schijnheiligheid” wy. In *De Eerste Desember*²⁾ word die verjaarsdag van die „roemvolle emansipasie” van die slawe, deur hul bewerkstellig, aan die kaak gestel in 'n kwasi-herdenkingslied. Maar dan klink daar weeklaend, 'n smartvolle treursang op oor *Het Lot van Zuid-Afrika*,³⁾ 'n lied wat gelief was onder die voortrekkers, veel deur hul gesing en soos alle ware volkspoësie deur mondelinge oorlewering soveel variante gekry het, dat sommige koeplette geen sin meer uitmaak nie. Die oorspronklike lied in *De Meditator*, die ontboeseming van 'n onbekende sanger, lui as volg:

O Afrika! gij magt wel weenen!
Want uw' heilzon is verdwenen;
Ziet! — een duistre nacht vershijnt,
En uw' vrede en rust verdwijnt.

Ach! wat bange en droeve zorgen,
Ziet gij niet voor u verborgen,
Als de bittere dag vervall',
Dat de slaaf vrij wezen zal!?!

O Afrika! gij magt wel weenen,
Want, ach, de tijd is thans verschenen,
Dat gij onderdrukking lijdt,
Van den Brit die u kastijdt!

Wat waart ge o Afrika voor dezen?
„De plaats waar ieder zonder vrezen,
Kennende geen druk noch leed,
Zijn dagen wel tevreden sleet.”

¹⁾ *De Meditator*, 6 Feb. 1838.

²⁾ *De Meditator*, 5 Des. 1837.

³⁾ *De Meditator*, 2 Jan. 1838. Sien p. 218 noot 1.

Ja, dit was nu daagsche orden,
 En O! wat staat gij nu te worden?
 „Een speeltooneel van ramp en druk,
 Een plaats van smart en ongeluk!”

Dit hebt gij aan den Brit te danken,
 O Afrika die uwe „Blanken”
 Steeds om den zwarten wil verdrukt,
 Aan hen, hun eigendom ontrukkt!

O Afrika! gij moogt wel zuchten!
 Ziet uwe zoonen u ontvlugten,
 Vlieden uit uwe maatschappij,
 Naar eene barre woestenij.

Daar, daar trekt de *Veeboer* henen!
 Met veel klagen, zuchten, weenen,
 Omdat hij de verdrukking van
 Den Brit niet meer verduren kan.

De *Landman* vast beroofd van handen,
 Die zaait geen groen meer op zijn landen,
 Dan slechts hetgeen hij noodig heeft,
 En dat hem kleed en voedsel geeft.

Wat, wat staat ons nu te wachten?
 Wie, wie zal ons leed verzachten?
 Wie ons redden uit den nood?
 Wie, wie geeft ons vleesch en brood?

Helaas welk lot is ons beschooren,
 Men wil ons schier het hart doorboren!
 Men stelt ons leven in gevaar,
 En maak onz' arbeid bitter zwaar.

Men heeft ons *goed* aan ons ontnomen,
 Ons in gebrek en nood doen komen,
 Ons nog met ramp en druk belaan,
 En dit, — dit heeft de *Brit* gedaan!!!

Behalwe *De Mediator* het daar by MOLL in dieselfde twee jaar 1837 en 1838 'n kwartaalblad verskyn, *Lees-Vruchten*. Aangename en Nuttige Tydkortingen, voor den beschaafden stand. Door het Lees-geselschap „Scientia et Amicitia”. Die

doel was om leeslus, nie vir politieke betoë en leerredes nie, maar vir die nuwere letterkunde en geskiedenis, in die stad en op die platteland op te wek. Die eerste deel bevat dan ook o.a. verse van BILDERDIJK en 'n studie oor daardie pas oorlede kolossus op die gebied van die lettere, 'n stuk van VAN DER PALM oor *Salomo*, so reg uit die hart van die meester in die welsprekendheid, en 'n uittreksel van die reisbeskrywing van FRANÇOIS VALENTYN. Maar die tweede deel, waarin die bekende briewe van die voortrekker J. BOSHOFF, oorspronklik aan die *Graham's Stad Journaal* gerig, herdruk word, is ook die laaste deel. 'n Tipies Hollandse vereniging met die uitgesproke doel om Hollandse lektuur te bevorder, kon dit in Kaapstad nie meer bolwerk nie. In 'n dramatiese samespraak vol toespelings op Kaapse toestande, getitel *De Fruitwinkel van De drie Cate gesloten. Gesprek tusschen den Fruit-verkoper en een negociant*, hoor ons die rede vir die ondergang van *Lees-Vruchten*: „ik heb den smaak van de menschen niet getroffen, en die Hollandsche vruchten vallen hun wat koud op de maag”. Die kompetisie van die kleinhandelaars het die vrugte-verkoper vermoor, want „zij leveren wel meestal Kaapsche vruchten, maar ze weten die zoo knaphandig voor een *dejeuner* of *desert* op te maken, de een met een Franschen zwier, een tweede à la John Bull, een derde op zijn Zuid-Afrikaansch, een vierde op zijn waar-Afrikaansch, een vijfde op zijn Babylonisch; ik weet niet wat er al voor namen aan gegeven worden”.

Dit is galgehumor. MOLL wou weg uit die onsimpatieke omgewing; hy wou 'n Hollandse nuusblad aan die Trekkers gee.

In November 1843 stel BONIFACE die prospectus van 'n weekblad op, *De Natalier en Pietermaritzburgsche Trouwe Aantekenaar*, en hul verkry van die Natalse Volksraad die reg om die weekblad op te rig.¹⁾ Die eerste nummer het op 5 April 1844 verskyn en was uitsluitlik in Hollands opgestel hoewel Natal reeds die vorige jaar geannekseer is. Die latynse spreuk, die bitsigheid van die artikels, kenmerk die redakteur BONIFACE.

¹⁾ OOR BONIFACE EN MOLL IN NATAL vgl. G. PRELLER: *Voortrekkers-wetgewing, Notule van die Natalse Volksraad 1839—1845*, pp. 255, 260, 263, 264, 268, 272, 273, 275, 277. G. S. NIENABER: *Honderd Jaar Hollands in Natal*.

Hy roskam die boere oor hul „kniebuigingen” aan Majoor SMITH en hul lafhartigheid om uit die Kolonie weg te getrek het! Toe MOLL die artikels wat wou versag deur weglatings of invoegings, ontbrand daar ’n hewige twis met die gewone nasleep van ’n hofspraak en die loopbaan van die eerste Natalse redakteur eindig ook daar soos dit in Kaapstad met *De Zuid-Afrikaan* en *De Mediator* geëindig het.

In die tweetalige blad *De Natalsche Getuige*, in 1846 opgerig, het BONIFACE as „A Looker On” wraak geneem op sy vroeër kollega, met dodelike gevolg, want *De Natalier* moes gestaak word en toe die koerant weer herrys, was dit ’n tweetalige blad *De Patriot — The Patriot*, nie meer die eentalige stoere kampvegter en voorligter nie. BONIFACE was geen „geestelike voortrekker” nie, syne was ’n sataniese gees wat sowel direk aangeval het as in die rug gesteek het. Hy gebruik nog ’n ander middel om MOLL en sy opvolger in die redakteursstoel, ARTHUR WALKER, te vernietig, nl. deur *The Natal Bluets*, (1846), musikale klugspele, hekelskrifte van die bitterste soort te skrywe. ¹⁾ Die eerste nommer van die *Bluettes Franco-Nataliennes, ou Recueil de Contes, Fables, Chansons, etc., en vers et en prose par C. E. Boniface*, teen WALKER gerig, was in September 1846 in handgeletterde boekvorm klaar vir die half-dosyn gereëldes intekenaars. Die tweede, *Le Latanier* is teen die *Natalier* gerig waarvan hy die dood besing in die derde: *La Mort du Latanier et la métamorphose de ses Feuilles en Papillotes, Vaudeville à Grand Spectacle (prose, vers et musique* (1846). Laasgenoemde bestaan uit veertien liedere, vol skimp-skeute en haatlikhede, wat op populêre wysies kon gesing word. Daar was nog ’n vierde, ’n vyfde, ’n sesde van hierdie „vonke” en die laaste giftige vuurpyl is in 1849 afgevuur op ARTHUR WALKER: *Mijn Ouwe Snoek in de Pekel, of, hoe smaak je dat, Artje?* ²⁾

Daar het ook twee Hollandse nommers van hierdie hekel-

¹⁾ Van die derde nommer *La Mort du Latanier* is daar ’n eksemplaar in die Openbare Bib. Kaapstad.

²⁾ NIENABER: *C. E. Boniface* in *Ons Vaderland*, Junie en Julie 1929 gee alle besonderhede in verband met die *Bluetts*. My dank hiermee vir die toegesonde uitknipsels.

skrifte verskyn nl. *De Natalse Diogenes of De Nachtwandelaar* en 'n Engelse, die giftigste van almal, *The Paddiscordian, or, a first Rate Irish Lyre*.

Iemand wat so teen ander kon te keer gaan, moes self diep rampsalig gewees het. Hy het dan ook van die een beroep na 'n ander geslinger, dan was hy „agent”, dan leermeester in tale, skermkuns, die ghitaar, dan vertaler en uiteindelik advokaat. Daarby het sy twyfelagtige verhouding met die Mosambiekse slavin CONSTANTIA DOROTHEA LE MORDANT, wat hom met haar kinders na Natal gevolg het, BONIFACE 'n uitstoteling gemaak in die stadjie Pieter Maritzburg waar hy eenmaal kort na sy aankoms so kragtig opgetree het en self 'n voorstel in die Volksraad deurgekry het, dat die dwarsstrate na die Voortrekkerleiers moes genoem word „omdat deze stad door de Zuid-Afrikanen is aangelegd”.¹⁾

Toe daar geen plek meer vir hom onder die Afrikaners was nie as gevolg van sy eie ongebalanseerde natuur, probeer hy by die Engelse met 'n grammatika-boekie *Dutch made easy to an Englishman, methodically given in the form of familiar and amusing Dialogues* (1852)²⁾ in die guns te kom. Dit sou maandeliks verskyn maar slegs die eerste nommer het die lig gesien. Die „professor of languages” soos hy hom op die titelblad noem, het met geweld die pen neergegooi en op sestigjarige leeftyd, in die selfde jaar 1852, eers vergeefs aansoek gedoen om in 'n kranksinnige gestig opgeneem te word en toe deur laudanum 'n end aan 'n lewe, vol moeite en verdriet vir homself en ander, gemaak.

6. LAASTE WERKE VAN DE DIGTER DE LIMA.

Vir DE LIMA moes dit 'n groot verligting gewees het toe BONIFACE in 1843 vergoed van die Kaapse toneel verdwyn het. Sy onrustige natuur in teenstelling met die van die skrywer van die *Bluetts* het met die jare kalmer geword. Hy het nog weerwraak geneem op die outeur van *Clasius* met

¹⁾ PRELLER: *Notule van die Natalse Volksraad*, p. 264.

²⁾ 'n Eksemplaar in die Staatsargief Pietermaritzburg.

'n stuk van hom in 1835, *Aballino Junior* te laat opvoer deur sy kindergeselskap,¹⁾ — DE LIMA was telkens met een of ander kindergeselskap geassosieer, — daar is nog die geveg gewees met J. J. DE KOCK wat tot 1837 duur en uitgeveg word in die *Commercial Advertiser*, 'n skermutseling met Dr. CHANGUION in 1844 oor *De Taal der Kapenaren tegen de schandelijke aanranding derzelve van Prof. Changuion*,²⁾ maar dan word dit stiller binne in en kan hy hom rustiger aan sy boekwinkel wy. Hy het hom besig gehou met die samestelling van almanakke, — in 1831 het hy 'n *Almanak voor het Schrikkeljaar 1832* opgestel, met vertaalwerk — in 1837 het hy 'n Franse toneelstuk *De zwervende Jood* vertaal; hy het 'n opsomming gegee van al die ongeregtighede wat om hom in die stad gebeur in *Huisbraken en diefstallen in die Kaapstad* in 1835³⁾ en sy joernalistiek, in *De Verzamelaar* weer van 1839 tot 1848 en later jare in *Het Volksblad*, voortgesit. Met sy boekhandel het dit so goed gegaan dat hy weer 'n pers moes bemagtig het, maar taamlik onpatrioties het hy die aan die Regering verkoop tydens die anti-bandiete agitatie.⁴⁾ Bo alles het hy die verskuns gestel en beoefen en die geleentheidsdiger by uitnemendheid van die Kaap geword.

In 1840 het DE LIMA 'n bundel *Nieuwe Gedichten* uitgegee⁵⁾ bestaande uit verskillende afdelings „Bijbelstoffe”, Godsdienstige mengeldigte en Vaderlandse sange. Verskeie van die verse soos *De Goede Oude Tijden* en *Welkomst-groet* aan zijne koninklijke hoogheid WILLEM FREDERIK HENDRIK⁶⁾ is vroeër in koerante geplaas; ander soos *Ter Herinnering aan de Godsdienstige plegtigheid*, bij het leggen van den Hoeksteen der Nieuwe Nederduitsche Hervormde Kerk, in de

¹⁾ Vgl. BOSMA: *Drama en Toneel*, p. 264, 272.

²⁾ Sien vederop.

³⁾ MENDELSSOHN: *Bibliography*, Dl. I p. 443.

⁴⁾ BOSMAN en DREYER: *Holl. Joernalistiek*, p. 3.

⁵⁾ Kaapstad, ter drukkery van den digter, 1840. Eksemplaar Univ.-Bibl. Amsterdam.

⁶⁾ Ook as pamflet uitgegee, Kaapstad 1838. Eksemplaar in die Grey-versameling, Kaapstad waar ook die benede genoemde pamflette hul bevind.

Kaapstad, op den 18 April 1833" ¹⁾ en *De Uitgewekenen van Port Natal*, zijnde eene parodie der alleenspraak van GRIJSBRECHT VAN AMSTEL, bij d'Ondergangk zijner stadt en zijn ballingschap, door JOOST VAN VONDEL", is oorspronkelyk in pamflet-vorm gedruk. Waarom hy laasgenoemde 'n „parodie" noem is nie duidelik nie, want dit is hoegenaamd nie die toon van wie òf VONDEL òf die Trekkers wil bespottelik maak nie, wat hier opklink. Dit open met 'n sug:

„Gij hebt, ô Kaapsche Boer! u dus ten lange *leste*,
Onttrokken aan uw land en oude Riebeeks *veste*.

Hy begryp die vryheidssin van die boer, die ingebore Hollandse aard wat hy nie kan verloor nie:

„het Hollandsch kroost duldt niet dat men het regt *verschopp*'.

DE LIMA hoort duidelik tot die skool van BILDERDIJK en TOLLENS in verse soos *Aan Het Nederland, De Hollandsche Taal en Bij Begelegenheid dat op De Kaapsche Reede, zeven Hollandsche schepen lagen*, ²⁾ waarin die chauvinistiese, brallende sekerheid oor die Hollandse prestige des te hinderliker opval, as ons die Afrikaanse werklikheid onder oë neem. In die jare dat die Hollandse taal met rasse skrede agteruitgedring word, sing hy, „verre af van Hollands boorden", met 'n skrikbarende selfvoldaanheid:

„Zoo lang de Bat slechts adem haalt;
Zal Neerlands taal niet zwichten."

Maar dit was die taal van sy tyd en ons moet die geleentheidsdigter uit kultuur-historiese oogpunt benader. Hy het self besef dat „elke leeuw kan slapend raken" ³⁾ en hom en sy lesers geveel met die gedagte dat dit slegs is om met dubbele kragtê wakker te word. Lewendig het hy meegeleef met die Belgiese opstand en in *Uitboezeming* ⁴⁾ met dwase vreugde

¹⁾ Herdruk der Prof. PLESSIS in *Die Soeklig*, 15 April 1833.

²⁾ *Nieuwe Gedichten* pp. 79, 60—63, 73.

³⁾ *Nieuwe Gedichten* p. 83, „Ter herinnering aan den slag van Waterloo.

⁴⁾ *Nieuwe Gedichten* p. 75.

'n „zege-krans en een -laurier” vir die mees roemlose gebeurtenis in die Nederlandse geskiedenis van die 19de eeu, die skeiding tussen Noord en Suid, gevleg. Die Dietse leeu was dieper ingedut as ooit te vore, maar 'n geleentheidsversmaker, wat nie vleierend is nie, deug nie, en DE LIMA het die gebeurtenisse waar hy binne in gestaan het met ander oë bekyk as „Hollands kroost” van 'n eeu later het, in wie se naam hy voorbarig genoeg was om 'n danklied te dig by die skeiding van Noord- en Suid.

Hierdie werk, hoe vol oorskatting ook al, was tog 'n steun in die moeilike stryd van handhawing van Hollands as kultuurtaal in Suid-Afrika. Geen sterfgeval, verjaarsdag, afskeid of bruilof in die vernaamste maatskaplike kringe, het hy onbesing gelaat nie en dit steeds in Hollands bly doen, suiwer en betekenisvas in die gebruik daarvan, toe die mode al lang die Engelse taal voorgeskryf het. Hy is die kunsliefhebber van Kaapstad. So het ons in 1822 'n lykdig: *Bij het afsterven van Den Heer Anton Anreith* „in wiens geest een schat van kunsten school”¹⁾ waarin die gemis van die groot Kaapse beeldhouer en kunsskilder betreur word, en 'n vers *Bij de Opening der Gouvernements Bibliotheek*²⁾ in dieselfde jaar, waarin die gemis enigsins vergoed word deur die oprigting van „de plaats Minerv' gewijd”. In die langste gedig in die bundel, *Mijn Gezelschap*³⁾ spreek die man van groot geleerdheid, wat sy geselskap vind in honderde boeke van tientalle skrywers uit die Nederlandse, Franse, Engelse, Spaanse, klassieke taal- en literatuur. Veel gebruik sou hy gemaak het van die nuwe biblioteekgebou, te meer daar, volgens BONIFACE, sy eie „kakelbont” was en heelwat te wense oorgelaat het.

In 1846 het hy nog 'n lied *Ter Verjaring . . . van P. B. Borchers* gedig, in 1861 'n *Vaarwel aan Sir A. Stockenstrom* en in 1856 'n *Heilgroet bij de Gouden Bruiloft van P. B. Bor-*

1) *Nieuwe Gedichten* p. 118.

2) *Nieuwe Gedichten* p. 129.

3) *Nieuwe Gedichten* p. 89—114.

cherds. ¹⁾ In dieselfde jaar (1856) is ook *De Kalifa*, Verzameling van Memories, Verklaringen en andere Papieren, in verband met het onderzoek omtrent het vieren der Kalifa" deur hom na die Engels bewerk. ²⁾

Die Kaapse Maleiers was onseker en ongerus of hul die „Kalifa" as 'n godsdienstige seremonie of as 'n gewone feestelikheid moes beskou. DE LIMA was van mening dat daar geen godsdienstige betekenis moes aangeheg word nie. Vir die godsdienst het hy altyd eerbied gehad soos blyk uit sy talryke godsdienstige sange en beryminge van Bybeltekse uit Genesis en die Psalme in *Nieuwe Gedichten*; deur sy raaiselagtige leefwyse het hy dikwels afgesak na die kwartiere van die Maleiers en ons kan dus aanneem dat hy hier weer as man van verbasende kennis en geleerdheid praat.

In 1854 het hy die *Census of the municipalities of Cape Town* opgestel en in 1857 die *Titles and index to ordinances* (1825—'56), sy laaste werk. Die ramp van die dood van 'n aangenome seun deur 'n ongeluk in 1857, het hy nie lank oorleef nie en is 'n jaar daarna oorlede. DE LIMA is begrawe uit die Kaapse kerk deur dr. SERVAAS HOFMEYR en sy lyk is in die grafkelder van sy goeie vriende die THERONS bygelê.

SUASSO DE LIMA is 'n wonderlike maar ook 'n bewonderingswaardige persoonlikheid gewees. Die Kaapse jeug het hom nageroep „ou de Lima een voet skoen"; die oorlewering vertel vreemde anekdote van hierdie eksentrieke man; ³⁾ sy vyande het hom gehoon in spotprent en hekelvers en hekel-drama. Hy het gedurig in finansiële verknorsing gesit en het die drumpels van die geregshof uitgeloop om met 'n lastersaak of anderssins wat geld by mekaar te kry om sy skulde te betaal; een keer het hy dit selfs met diefstal probeer en in die tronk beland (1829), wat die skrywer van *Clasius* die spitsvondige aanhaling uit Shakespeare ingegee het, „who steals my purse, steals trash". Maar DE LIMA het hom Diets gevoel;

¹⁾ Afgedruk in BORCHERDS: *Memoir*, p. 459—463.

²⁾ Kaapstad, 1856.

³⁾ Vgl. L. H. MEURANT: *Sixty Years Ago*, p. 75.

hy het die Hollandse taal gehandhaaf en liefgehad omdat dit syne was; sy twiste en rusies was vernaamlik met die Fransman, nie met die Afrikaners nie vir wie hy 'n loflied gesing het. As Hollandse geleerde, literator en joernalis het hy sy aangenome vaderland dienste bewys, wat hom 'n ereplek gee naas MEENT BORCHERDS onder die vroeë skrywers, toe die drukpers so pas ingevoer was en die druk van oorheersing sy eerste loodswaare gewig voelbaar gemaak het.

HOOFSTUK X.

DIE VERSTERKENDE INVLOED VAN DIE „LAGE LANDEN BIDER ZEE” TYDENS DIE EBTYD IN KAAPLAND.

1. J. G. SWAVING, „OFFICIER BIJ HET HOOG GERECHTSHOF”,
DOSENT IN DIE FRANSE TAAL AAN DIE „ONLANGS OPGERICHTTE
ZUID-AFRIKAANSCH AETHENAEUM” (1829).

By proklamasie van Lord CHARLES SOMERSET moes van 1 Januarie 1825 af alle offisiële dokumente, en van 1 Januarie 1828 alle verrigtinge in die Geregshof, in die Engelse taal opgestel word, hoewel sewe agstes van die bevolking nog Hollandssprekend was. Die ou kolonis het hom instinkties verset teen opsy stoot van alles, wat hy as sy eie besit beskou het, maar sy ondergang op kulturele gebied sou, wat Kaapland betref, gewis gewees het, as die goewerneur nie dergelike geseënde misstappe begaan het nie ¹⁾ of as daar nie versterkende invloed uitgeoefen is deur manne van Hollandse geboorte in aansienlike maatskappelijke betrekkinge in Kaapstad. Deur 'n gelukkige toeval word die kolonie in 1828 versterk deur 'n Hollandse „interpreteur translateur van het Hoog Gerechtshof”, J. G. SWAVING, 'n man met sterk literêre neigings en daarom 'n aanwinst sowel vir die *Nederduitsch Zuid-Afrikaanse Tijdschrift*, wat toe reeds sy vyfde jaargang binnetree, as vir die *Zuid-Afrikaansche Athenaeum*, wat die volgende jaar tot stand sou kom.

Die nuwe kolonis, seun van 'n Hollandse predikant, het 'n awontuurlike loopbaan „op Saona, op Juma, in City-hotel te Nieuw-York en op de kusten van het eiland

¹⁾ THEAL sê: „It would have been difficult to devise a measure more calculated to irritate the Dutch inhabitants.”

Langeroog", 'n nog awontuurliker tienjarige militêre loopbaan in Europa en die awontuurlikste van alles, 'n rampsalige deserteurs-bestaan in Engeland agter die rug gehad.¹⁾ Maar daar het dan ook vreemde toestande in die Napoleontiese tye geheers tydens die Koninkryk Holland onder LODEWIJK NAPOLEON en die inlywing by Frankryk tot aan die onafhankelikeheidsverklaring onder Koning WILLEM I in 1813. In die „jammerlik geteisterd en uitgemergeld Nederland" was hy in 1813 vir die soveelste maal „op lager wal geraakt," as gevolg van sy eie dwalinge en misstappe. Die enigste uitweg was om met „het puik van Nêerlandse jongelingschap" in diens te tree van NAPOLEON BONAPARTE as *remplaçant* (plaasvervanger) vir een van die seuns van 'n skatryke, gewese Generaal van die Administrasie van Oorlog. Die vader het die vereiste vyftien honderd franke betaal en in alle verdere behoefte van die Garde d'Honneur op mars voorsien. Later vind SWAVING die denkbeeld diep veragtelik dat hy hom in sekere sin hiermee gaan gelykstel het „met de ongelukkigen, welke in dat vak openlijken handel drijven en hun ligchaam gedurende hunnen leeftijd op dezelfde wijze voor geld verkoopen, zoo als anderen hun lijk aan de snijkamer afstaan".²⁾ Maar soos hy self sê, „het berouw komt veelal te laat." In Julie 1825 word hy in sy huis in Delft gearresteer maar slaag daarin om in vroue klere te ontsnap uit die kamertjie waarin die Kommandant van die stad hom opgesluit het. Sy vrou het hom hierin trou bygestaan en onder 'n litografie van hom staan geskryf:

„Wat REIGERSBERG eens deed voor haren HUIG DE GROOT, Deed alzo SWAVING's vrouw voor deez haar' echtgenoot."

Aan die skildwag, wat as gevolg van die ontsnapping veroordeel is, het hy sy *Offer aan de lijdende onschuld* (1827) gebring.³⁾

¹⁾ Lewensbesonderhede is ontleen aan sy werke: *Reizen en Lotgevallen, Tienjarige militaire Loopbaan*, Dordrecht 1830, *Offer aan de lijdende onschuld*, Dordrecht 1827, *Zonderlinge Ontmoetingen*, Dordrecht 1830. Vgl. ook Dr. J. L. M. FRANKEN: *Mededeling en opinies oor Afrikaans in die Neëntiende Eeu, Die Huisgenoot*, Julie 1927.

²⁾ *Swaving's Tienjarige militaire Loopbaan* p. 2—3.

³⁾ Dordrecht, 1827. *Offer aan de lijdende onschuld of Swaving's vlugt uit Delft, in vrouwelijk gewaad.*

Hy het toe al reeds veel opsien gemaak en talryke vyande verwek met sy *Galerij van Roomsche Beelden, of Beeldendienst*, (1824)¹⁾, geskrywe „tot waarschuwing voor die proselieten, welke hier zullen zien, wat pillen zy niet al moeten slikken, alvorens zy voor echte Roomschezinden zullen kunnen doorgaan.”

In London ly hy die grootste gebrek na sy vlug uit Delft tot hy met behulp van 'n kennis 'n „Dutch Academy” oprig. Maar dit gaan nie so gemaklik om leerlinge vir Hollands en Frans te vind nie in die land waar soveel aan die eie taal en tradisie geheg word, dat op „Lord-Mayor's Day” „allen als hansworsten in den smaak der middeleeuwen toetgetakeld”²⁾ op straat rondloop, soos die teleurgestelde leraar in die moderne tale oneerbiedig konstateer! Hy kon tog wel genoeg bymekaar kry om 'n huisie te huur en sy vrou en kinders uit Holland te laat kom. In 1827 kry hy die ingewing om na die Kaap in te skeep en „kregen wij op den 23sten December 1827 den Leeuwen- en Tafelberg in het gezicht”.³⁾

Aan boord het hy 'n dagboek gehou, noukeurig alles opgeteken met die bedoeling om dit in 'n derde deel van sy *Reizen en Lotgevallen* te verwerk maar toe hy in Kaapstad aankom, maak hy kennis met die Kaapse reisbeskrywings en vind dat alles wat hy opgeteken het reeds honderd-en-vyftig jaar bekend is. Die gevolg is, sy joernaal, „meer dan de helft van een boekdeel”, word „uit kregeligheid aan flarden”⁴⁾ geskeur. Dit het hom die goeie les geleer om, voor hy 'n letter op papier sit, eers die stapel werke oor die nuwe land vlugtig deur te blaai. Wat hy ons dan ook gee oor Kaap de Goede Hoop, die land wat hy sy eie gemaak het en waar 'n nuwe lewe vir hom begin het, is nuut en so onderhoudend soos 'n

¹⁾ Dordrecht, 1824; 2de druk 1841.

²⁾ *Swaving's zonderlinge ontmoetingen* en wonderbaarlijke lotsverwisselingen na zijne vlugt uit Delft, benevens schetsen van Londen en deszelfs bewoners; van de Kaap de Goede Hoop en hare omstreken, enz.

³⁾ *Zonderlinge ontmoetingen*, p. 277.

⁴⁾ *Zonderlinge ontmoetingen*, p. 275.

⁵⁾ 'n Herdruk van die *Zonderlinge Ontmoetingen* is gewens.

roman beskryf. Sy skryftrant is los en bevallig, maak die indruk van buitengewoon modern te wees en getuig van sy fris, oorspronklike, awontuurlike gees. Sy *Reizen en Lotgevallen* wat volgens 'n resensent in die *Vaderlandsche Letter Oefeningen* „met den besten roman gelyk staat, en zoo avontuurlyk, dat het ten dezen met iedere roman monsteren kan”,¹⁾ is gretig deur die redaksie van die *Ned. Z.A. Tijdschrift* gelees en uittreksels gepubliseer wat die Kaapse gemeenskap die boeiendste leesstof in hul periodiek verskaf het vir die jaar 1828.²⁾

Die talekener is beëdig as „translateur interpreteur” aan die Hooggeregshof en in sy vry tyd het hy hom aan opvoedkundige en letterkundige arbeid gewy. Hy het sy *Zonderlinge Ontmoetings* beëindig met 'n paar uitstekende hoofstukke oor die Kaap en 'n voorwoord tot die *Tienjarige militaire Loopbaan*, waarvan die *Zonderlinge Ontmoetings* 'n vervolgedeel was, geskryf „aan den voet des trotschen Tafelbergs, in het vrije en onbelemmerd genot van alle aardsche genietingen”. Daar het hy „eindelyk en ten laatste dat bestendig, dat stille huisse-lyke en zoo benijdenswaardig geluk” gevind, „waarnaar hij sedert zoo vele jaren zijns levens vruchteloos zocht”.³⁾

Van hom het ons 'n sterk persoonlike, ryk gekleurde, van uit Hollands-Afrikaanse standpunt uiteengesette beskrywing van die inswering van die regters, advokate en prokureurs en notaris onder die nuwe taalreëlings van Lord CHARLES. Om mee te begin, was die dag al verkeerd gekies. Baie van die aansienlike ingesetenes was teenwoordig, maar nog meer het weggebly, omdat verskeie Hollandse protestante weinig gestig was, dat een van hul geëerbiedigste feesdae, Nuwejaarsdag, daarvoor gebruik moes word, „welke door al hunne voorzaten en Nederlandsche landgenooten steeds van eeuw tot eeuw en van geslacht tot geslacht uitsluitend aan de godsdienst werd toegewijd”. Hier laat SWAVING, die predikantsseun, hom deur sy gevoel te ver sleep en verwar hy sy huislike gebruike met Kaapse gewoontes. Die Hollandse koloniste het

¹⁾ *Vaderl. Letter Oefeningen*, Oct. 1827, No. XIII, pp. 548—51. Oorgeneem in *Ned. Z.A. Tijd.* Dl. V, p. 133.

²⁾ *Ned. Z.A. Tijd.* Dl. V, pp. 27, 88, 162, 330, 433—453.

³⁾ *Aanteekeningen* p. XIII, *Tienjarige Militaire Loopbaan*.

weggebly onder protes. Hy erger hom aan Sir JOHN WYLDE, die hoofregter, wat 'n toespraak hou oor die geseënde invloed van 'n goeie administrasie van justisie, die koninklike charter laat voorlees, (wat nasionale vryheid waarborg), die ede laat aflê — alles in Engels. By die geleentheid word ook die Afrikaanse advokate, wat aan die Leidse Universiteit gestudeer het, ingesweer, nl. NEETHLING, CLOETE, JOUBERT, VAN RIJNEVELD, FAURE, BRAND, DE WET, HOFMYER, „die van heden af hunne welsprekendheid in eene voor hun vreemde taal moesten beproeven; want van den 1 Januarij 1828 afheeft de Nederlandsche taal opgehouden door de gewelven der raadzaal dezer voormalige Hollandse volksplanting te weergalmen”.¹⁾

Aan die hof het hy die geleentheid gehad om die taal van alle lae van die gemengde Kaapse bevolking te beluister. Hy onderskei tussen „Bastaard Hollandsch”, wat die boer, slaaf, kaffer en Hottentot praat, en Hollands, beïnvloed deur hierdie „Bastaard Hollandsch”, wat die Kaapse aansienlikes praat, en suiwer Hollands, gepraat deur die, wat in Nederland gebore en opgevoed is. Die „bastaard Hollandsch” — dat hy daarmee Afrikaans bedoel, is duidelik — „welke zelf den meer beschaafden der Christelijke en voorname volksklasse niet geheel en al oneigen is, met uitzondering echter van dezulken, die in Nederland geboren of opgevoed is”,²⁾ klink nie half so onverstaanbaar in die ore van pas aangelande Nederlanders nie, as die sogenaamde Kreoolse Hollands, wat te Berbice, Demarary, Esseguebo en Suriname gepraat word. SWAVING het dadelik gehoor dat daar 'n onderskeid tussen die taal van die Kaapse burger van beskawing en die van die boer in die buite distrikte was,³⁾ dat eersgenoemde veel digter by sy eie

¹⁾ *Zonderlinge Ontmoetings* pp. 291—292.

²⁾ *Zonderlinge Ontmoetings* pp. 302—303.

³⁾ Dit val verskeie reisigers op in die 19de eeu, voor die tyd nie, dat daar twee vorme van Afrikaans is. Vgl. ook WILLIAM BURCHELL: *Travels in the Interior of Southern Africa*, dl. I, London 1822, p. 13: „the Dutch language, according to the Cape Dialect and even according to the corrupt dialect of the Hottentots.”

taal staan maar dat laasgenoemde tog as geen kreoolse taal kan beskou word nie. ¹⁾

Die familie SWAVING het hul ingeleef in die nuwe land. In hul „ruime bevallige woning” aan die voet van Tafelberg het moeder en oudste dogter die eerste Franse Instituut „voor jonge jufvrouwen” gehad en hy het ’n uur daags die studente in die Franse taal onderwys aan die „onlangs opgerigte Zuid-Afrikaansche Athenaeum”, 1829. ²⁾ Vlytig het hy hom aan die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis gewy in die voetspore van MEENT BORCHERDS en DE LIMA en in 1829 word in die *Nederduitsch Z.A. Tijdschrift* die vrug van sy studie aangekondig nl. *Vlugtige Biographische Schets van de 28 Hollandsche Gouverneurs van de Kaap de Goede Hoop; met aanstipping der merkwaardigste bijzonderheden hunner regering, van de jare 1652 tot 1795; door J. G. Swaving, interpreteur en Translateur bij het Hooggeretshof, schrijver van onaerscheiden werken.* ³⁾ Hij was een van die oprigters van die „maarschappij ter uitbreiding van beschaving en letterkunde” 1833, wat die tydschrif as hul offisfëele organ erken het en hy was van plan om hom met verdubbelde ywer aan sy „*oorspronkelijk Nederlandsche werken*” ³⁾ te wy „tot dat Zuid-Afrika’s grond eenmaal zijn gebeente zal overdekken”. ³⁾ In die stad het die toekoms op taal en letterkundige gebied ondanks die proklamasies van Lord CHARLES SOMERSET, in 1829 inderdaad rooskleurig gelyk met die oprigting van die *Zuid-Afrikaansche Athenaeum*. Die Hoilandse skool *Tot Nut van ’t Algemeen* was nog in bloeiende toestand en tot omstreeks 1840 voel die stedeling hom nog gelykwaardig met sy Engelse mededinger. Die pasaangekome Hollandets of Hollandse besoekers word met oop arms ontvang, alles wat in verband staan met Holland roer nog ’n teer snaar by die Afrikaner aan. Die ontluikende selfbewussyn werd onbewus gevoed deur die versterkende krag van die nuwe Hollandse koloniste, skemer al helder deur omstreeks 1840 in die vers-

¹⁾ *Zonderlinge Ontmoetingen* p. 305.

²⁾ In een deel, prys 6 ryksdaalders, Kaapstad 1829.

³⁾ *Zonderlinge Ontmoetingen* p. 324.

kuns van 'n ampgenoot van SWAVING, ook 'n „translateur bij 't hooge geregthof” wat eers met DE LIMA en later met BONIFACE in botsing gekomen het.

2. JOHANNES JACOBUS DE KOCK, TONEELSPELER,
TRANSLATEUR, ALMANAKMAKER
EN GESELSKAPSLIEDER-SAMESTELLER.

'n Hele familie DE KOCK was aan die skool *Tot Nut van 't Algemeen*, die erfenis uit die tyd van DE MIST, verbonde — daar was „Lang mijnheer” DE KOCK (SERVAAS) en „Kort mijnheer” DE KOCK, WILLEM DE KOCK en DANIEL DE KOCK. ¹⁾ JOHANNES JACOBUS DE KOCK was eers toneelspeler, later beëdigde vertaler by die Hooggeregshof volgens *De Zuid-Afrikaansche blygeestige Almanak en Naamlyst voor het jaar onzes Heeren 1840*, wat hy saamgestel het. ²⁾ DE LIMA het sedert 1827 lange jare die *Kaapsche Almanak en Naamboek* uitgegee en daarmee 'n teëwig in die skaal gegooi aan die kant van Hollands teenoor die oorwegende, later uitsluitende Engelse almanakke. ³⁾ Met hierdie *Blijgeestige Almanak*, vol „aangename mengeling van Ernst en Boert” naas die gewone aankondiging oor Sons- en Maansverduisteringe, op- en ondergang van die son, verandering van die maan, feesdae, plaaslike instellings en genootskappe ens., het ook DE KOCK hom 'n goeie naam verwerf. Laggend beweër hy die teenoorgestelde in sy rym, *Ontmoetingen bij het opnemen der naamlijst voor 1840*. In die gange en agterbuurtes van Kaapstad waar hy die name beleef kom vra, is hy vir 'n belastingontvanger of 'n „geldwolf” aangesien en verja. Dan lui die verskoning vir die onbeleefdheid:

„Ik dacht mijnheer wou ons vervolgen,
Want ik weet mijnheer neemt zaken waar.”

¹⁾ Vgl. D. P. FAURE: *My Life and Times*, p. 14.

²⁾ Eksemplaar in die Mendelssohn-versameling, Kaapstad. Gedrukt en uitgegee deur de zamensteller, te No. 5, Houtstraat, Kaapstad 1840.

³⁾ Vgl. F. C. L. BOSMAN: *Uit die Gesk. van Almanakke in S.A. Jaarboek van die Ned. Geref. Kerk* 1931.

Steeds beangs vir moontlike hofsake waarmee Kaapstad weerklink het in die rumoerige dae van BONIFACE en DE LIMA, stook hul mekaar op en fluister die bure in die oor:

„Hy bring jou voor de *Court*,
's Woensdags zie ik hem daar gaan
Hij praat van geld en faam.”

Van vloeiende maat en ritme is hier geen sprake nie, van digterlikheid nog minder, maar ons kry hier 'n kyk op die groepe in die maatskappy wat gedurig met mekaar in wrywing was. Daar is die Engelse wat hom die verwensing „to go to Hell” agterna roep, en die Franse wat hom uitnooi „Entréz mon Seigneur! Ik het nie kelt op renten.” Van die Duitsers klink dit slaperig:

„Ich heb kien kelt, kom morken werr
Das is mien tyd van slaben.”

Alleen die Boer neem 'n verstandige houding in, maar ook hy was eers onwillig om sy naam vir die almanak op te gee as gevolg van die kwaadpraatjies van 'n „zwartje” wat daarvoor welverdiende „klappen” kry. Hier is op-die-voorggrondstel van die eie ras, 'n meerderheidsgevoel teenoor die vreemdelinge, deur iemand, wat hom met trots genoem het „geen Hollander maar 'n Zuid-Afrikaan”.¹⁾

Daar word 'n twintigtal verse in die Almanak opgeneem wat byna almal terug te vind in die koerante. Daar is van die sentimentele soort van FEITH soos *Tranen* en *Het geplukte Bloempje*, ballades en romances soos *De drie Dochters* en *De ridder en zijn liefje*, moraliserende ryme op *Vergankelijkheid* en *Het Leven is een Dobbelspel*. Almal klink nog soos agtiende eeuse digkuns en dit kan vrywel met sekerheid gesê word dat hul oorspronklik uit een of ander Hollandse digbundel oorgeneem is of, soos die geval met *De Vadermoorder*, 'n Münchener spookverhaal, uit die Duits vertaal. 'n Oorspronklike

¹⁾ Vgl. J. J. DE KOCK: *Nieuwe Hollandsche Gezelschapsliederen*, 1852, p. 33.

Kaapse vers terug te vind in die *Mediator*, van MOLL¹⁾ is *Welkomstgroet, aan zijne Koninklijke Hoogheid Hendrik, Prins der Nederlanden, bij gelegenheid van Hoogstdezelfs aankomst alhier in het jaar 1838*. Die Kolonie was nou al meer as dertig jaar gelede in vreemde hande oorgegaan maar orals was daar nog herinneringe genoeg aan „den ouden Jan Companje, zoo zeggen de overbergsche boeren, als zij van den gouden tijd der Oostindische Kompagnie spreken”.²⁾ Prins HENDRIK sou daar ’n ovasie kry. Onder al die vrolikheid en gejuig oor die koms van „Nassau’s zoon”, het die geleentheidsdigter sy vurige verlan- ge na die ou bewind, die weemoed om losgewikkelde bande waar die Groningse reisiger M. D. TEENSTRA in 1825 melding van maak, uitgesing in sy welkomslied. Hy herinner die hoë besoeker daaraan dat „wij eens dierbaar voor u waren”, stel die retoriese vraag of hy diegene „die goed en bloed ééns voor u gaven” ooit sou kan vergeet en antwoord dan self:

„Neen zulks deed nooit Oranjes zoonen!
Hij wil zich aan dat volk vertoonen,
Dat eens zijn Vader had behoort! —
Hij weet ook met wat fier verlangen,
In dit ons afgelegene oord,
Een Prins van Neêrland wordt ontvangen!”

Die oorsaak van die blywende gehegtheid aan die stam- land lê in die aard van die mens en die botsinge en geharrewar met die vreemde heersers het ’n prinsipiële agtergrond wat die digter, hoe swak en onbeholpe en verouderd vir ons smaak ook al sy uiting, intuïtief aanvoel. Dit was seker een van die populêrste geselskapsliedere in die *Blygeestige Almanak* van 1840.

In 1852 het daar ’n bundeltjie *Nieuwe Hollandsche Gezel- schapsliederen* deur J. J. DE KOCK die lig gesien.³⁾ Ook hierdie

¹⁾ Sien p. 255 *Mediator*, 15 Mei 1838, vgl. ook *Mediator* 22 Mei 1838, „Stellenbossche Welkomstgroet”, en SUASSO DE LIMA p. 261.

²⁾ M. D. TEENSTRA: *De Vruchten mijner Werkzaamheden*, Groningen, 1830, sesde brief, gedateer Kaapstad 2 Julie 1825, Dr. J. L. M. FRANKEN: *Mededeling en Opities oor Afrikaans, Die Huisgenoot*, Julie 1927.

³⁾ Kaapstad, VAN DE SANDT DE VILLIERS, 1852. ’n Eksemplaar is te vind in die Mendelsohn-versameling.

liedere blink nie uit deur diepte van gevoel of rykdom van klank nie maar vertolk op eenvoudige manier wat die Kaapse harte verbly, of in opstand gebring het. Deur hul sangerigheid en dikwels geestige toespelinge op bekende persoonlikhede uit die tyd, is hul vermoedelik veel gesing in vrymesselaars- en ander kringe. Aan die vrymesselary word liedere gewy soos *De Goede Trouw* en *Broederschap*. *De Kaapsche Wijn*, beroemd sinds onheuglike tye, inspireer 'n vrolike drinkliedjie, wat op hul byeenkomste die gewenste stemming sou kon gebring het.

Hy besing wel die „broedermin” in sy geselskapsliedere maar met TOLLENS verklaar DE KOCK rondborstig dat sy *Vaderlandsliefde* beperk is tot die eie:

„Een wereldburger ben ik niet,
'k Ken geen Holland noch Bataaf;
Daar weet men niets van mij.”

Sy landgenote is *De Kaapsche Boeren* en vir die groot kommandant-generaal, A. J. W. Pretorius vleg hy lauerkranse:

„Ik wil den moed bezingen,
Eens helds, van dezen eeuw,
Die niets ooit kon bedwingen,
Geen Tijger, Wolf, of Leeuw!
Maar die in woeste streken
De dierbre vrijheid zocht,
En zonder bloed of wreken,
Zoo veel reeds heeft gewrocht!

Hij wou zijn landsliên leiden,
Door streeken, woest en naar;
Hen van het juk bevrijden;
En tarten elk gevaar; —
Hij streedt met wilde dieren,
De Leeuw zelf kent zijn stem,
Hij is „een Boer!” en 't tieren,
Was slechts muzyk voor hem.”

Duidelik spreek die gevoel van verwantskap en meely met die „uitgewekenen” en in vrye navolging van die wapenkreet van TOLLENS word „Cabo's kroost” aangespoor: *Te Wapen*. Maar dit bly tog maar meer die botsinge in sy onmiddellike omgewing wat aanleiding gee tot die dawerendste

geselskapsliedere. In gemeenskaplike sang het die opgekropte gemoedere lug gevind as hul kon uitjubel *Fairbairn!*¹⁾ of die waarskuwende vinger ophou *Geene Bandieten!*²⁾

Die geleentheidsversmaker kon nooit nalaat om die naam of titel van 'n jubelaris of 'n ergerlike persoon wat hy wou te lyf gaan, uit te buit nie en in laasgenoemde vers klink dit dan ook met kopergeskal:

„Graaf Grey! graaft uzelv' een grafplaats;
Wroet, wroet, als een vernielend' rot; —
Doch maakt gij van ons land een strafplaats,
Hoor gij dan tot uwen spot: —
Geene Bandieten!!
Dat zweeren wij elkâar!!!
Geene Bandieten voor den Kapenaar!!!”

Die „translateur by 't hooge gerechtshof”, staatsamptenaar van Afrikaanse geboorte, in 'n gevaarlike tyd vir die Hollandse koloniste, was voorwaar geen slappeling nie, maar heeltemal uit eie krag kon die Afrikaner dit nooit so ver gebring het nie. Die grootste steun het gelê sowel in die Hollandse skool vir voorbereidende onderwys, die *Tot nut van 't Algemeen* wat van 1805 tot 1870 'n magtige damwal teen die Engelse stroom opgewerp het, as in die *Zuid-Afrikaansche Athenaeum* wat in 1829 opgerig is onder 'n Hollandse rektor, na Amsterdamse model.

3, ANTOINE NICOLAAS ERNEST CHANGUION, OPVOEDKUNDIGE, TAAL- EN LETTERKUNDIGE, KERKMAN EN POLITIKUS.

ANTOINE NICOLAAS ERNEST CHANGUION³⁾ is in 's-Gravenhage 15 Des. 1803 gebore. Hy stam uit 'n Protestantse familie uit Champagne en Barrois, die lede waarvan gedurende die

¹⁾ DE KOCK: *Gezelschapsliederen* p. 56.

²⁾ Ibid. p. 15.

³⁾ Die vernaamste werke en artikels geraadpleeg is die volgende: *Nieuw Nederlandsch Biografisch Woordenboek* IV, kol. 408—410; *Ons Tijdschrift* VIII, 193; KESTELL, *Het leven van N. J. Hofmeyer*, 13, 65; *Elpis* I, 246, 250, 254, 276, 290; IV, 165; D. P. FAURE: *My life and Times*, p. 16—18; ERIC WALKER: *History of the S.A. College and the Univ. of Capetown* p. 17, S. P. ENGELBRECHT: 'n *Eensame Taalstryer*, *Die Huisgenoot*, 12 Febr. 1932.

geloofsvervolginge, wat aan die herroeping van die Edict van Nantes voorafgegaan het, hul te Amsterdam, Utrecht en Leiden gevestig het. Weens geldelike moeilikhede moes sy vader, Mr. FRANÇOIS DANIEL, wat 'n groot rol in die politiek gespeel het, 'n tydlang in Duitsland vertoef onderwyl daar 'n proses teen hom aan die gang was. Sy jongste seun, ANTOINE, en enigste dogter het hul gedurende die proses in Frankfort gevestig, waar ANTOINE as huisonderwyser genoeg geld verdien het, om in hul onderhoud te voorsien en hom sover vir die Universiteit voor te berei, dat hy 6 Junie 1828 te Leiden as student in die lettere en godgeleerdheid kon ingeskrywe word. Hy was toe reeds 'n jong man van vier-en-twintig jaar met heelwat mensekennis, ervaring en selfstandigheidsgevoel en gestaal deur die moeilikhede van sy vader.

In 1830 skryf die direkteure van die *Zuid-Afrikaansche Athenaeum*, wat in 1829 in Kaapstad opgerig is, aan die letterkundige fakulteit van Leiden om 'n professor in die klassieke en moderne tale, veral Nederlandse lettere, aan te beveel. Die *Athenaeum* is gestig na Amsterdamse model, eintlik as aansluiting by die Hollandse rigting van die skool *Tot Nut van 't Algemeen*, om hoër onderwys aan die Kaapse jeug te verskaf. Die leiding is geneem deur Ds. ABRAHAM FAURE, die ambisieuse Kaapse predikant, redakteur van die *Ned. Z. A. Tijdschrift*¹⁾ en die oprigting van hierdie inrigting is dus hoofsaaklik aan die Hollandse kerk te dank.²⁾ Nadat eers verskillende ander persone, o.a. die later professor P. O. VAN DER CHIJS, toe redakteur van *De Ster*, vergeefs gevra is, besluit CHANGUION om sy teologiese studies op te gee en die aanbod aan te neem. Deur tussenkoms van die Leidse fakulteit kry hy sy ontslag uit die verpligte militêre diens, nadat hy uit Oirschot waar hy met die Leidse jagers was, na Leiden

¹⁾ Hy het die kroniek agter in elke nommer van die Tydskrif opgestel maar wat artikels betref nie veel bygedra nie.

²⁾ Die op Hollandse grondslag gestigte Athenaeum het die „South African College” geword. Vandag is dit die University of Cape Town-Universiteit van Kaapstad.

teruggekeer het. ¹⁾ Hy lê sy kandidaatseksamen in die klassieke lettere af en ontvang daarop *honoris causa* sy doktorstitel, waarop hy teen die end van 1831 na Kaapstad vertrek. CHANGUION het sy betrekking as hoogleeraar met 'n *Verhandeling over den heilzamen invloed eener doelmatige studie der oude talen*, aanvaar. ²⁾ Die stuk is op die heenreis geskrywe maar eers gedruk na hy twee maande aan die Athenaeum werksaam was en enigsins op die hoogte van die vereistes en moeilikhede gekom het. In die „Voorwoord” kan hy die aanmerking nie onderdruk nie, „dat het (om er het minste van te zeggen), vrij wat moeilijkheid in heeft, om een doelmatig onderrigt in oude letterkunde te geven, aan eene school, waar men met den titel van Hoogleeraar, de pligten van Praeceptor, Conrector en Rector in één persoon te vervullen heeft. — Niet alsof ik mij door deze en meer andere moeilijkheden, daar ik liefst van zwijgen wil, den moed zou laten benemen. Dat zij verre.”

Die leerlinge het sy volle belangstelling geniet en hy het dadelik hul liefde en respek gewen. Hul het hom later aan sy eie Instituut „Ou Stroop” gaan noem, vertel een van hul, ³⁾ 'n bynaam gegee uit liefde om sy „sweet reasonableness”, nie uit oneerbiedigheid nie. Hy het dit begryp en hul plaery met 'n glimlag beantwoord. Sy spierwit krulkop as die onder die hande van die kapper was, het die spontane vraag van een helfte van die klas uitgelok, as hy die klaskamer binnestap: „Wie heeft u gekapt?”, waarop die ander helfte dan antwoord: „LODEWIJK, de Kapper”, twee sinnetjies uit die doktor se Hollandse en Engelse taaloefeninge. Dan glimlag hy net en as hy na sy lessenaar stap, wens hy hul geluk, dat hul die skoolboeke so goed ken. En dan weer, op die eerste warm dag in die somer, as hy met 'n lang wit jas binnekom, weerklink die Afrikaanse spreekwoord: „Skildpad het 'n nuwe dop gekry”, en ook hierdie toepassing van die spreekwoord dra

¹⁾ In die „Tien Daagse Veldtog” het ook Afrikaners onder die Leidse studente vrywillig in die leër in Brabant gedien. Vgl. TE WINKEL: *Ontwikkelingsgang* IV p. 477.

²⁾ Kaapstad, gedrukt ten kantore van *De Zuid-Afrikaan*, 1832.

³⁾ D. P. FAURE: *My life and Times*.

sy goedkeuring weg. In daardie „sweet reasonableness” het sy pedagogiese krag van die begin af gelê.

Van 1833 af is hy verbonde aan die redaksie van die *Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift* waardeur sy werksaamhede aanmerklik uitbrei. Hy interesseer hom vir vraagstukke oor toneel en is ten minste in prinsiepe nie daarteen nie¹⁾ want die Leidse doktor was liberaal van godsdienstige oortuiging. Hy speel 'n hoofrol by die stigting van 'n *Maatschappij tot verbreiding van Beschaving en Letterkunde* in 1834²⁾ en hou openbare lesings soos die *Vorlesung über Sprachstudium überhaupt und zunächst über das Studium der Deutschen Sprache* in 1837.³⁾

Maar hy het al gou gemerk dat dit nie die klassieke en vreemde tale is wat hy moet aanprys nie, maar diè spraak wat in 'n ander vorm dan sy eie in die harte van sy leerlinge leef. Daarom hou hy in 1840 sy *Voorlezing tot aanprijzing van de beoefening der Nederduitsche Taal en Letterkunde in Zuid-Afrika*⁴⁾ voor die pasgestigte maatskappy vir die bevordering van daardie taal en lettere. Dit is veral CATS, TOLLENS en VAN ALPHEN wat by die Afrikaanse lesers aanbeveel word. Die kindergediggies van HIERONYMUS VAN ALPHEN is in Kaapstad herdruk,⁵⁾ die *Tydschrift* het die verhandeling van CLARISSE oor die kinderdigter geplaas en dit is die wens van die redenaar om by te dra „om dien regtschappen Hollander in dit land op den duur in hooge waarde te doen blijven.” Sy hele belangstelling is teen 1840 toegespits op die taal en letterkundige toestand. In daardie jaar is ook sy voordrag *Uit ware belangstelling in de Nederduitsche Taal en Letterkunde*⁶⁾ en 'n *Voorlezing over Niets*⁷⁾ gehou. Die „niets” loop uit op 'n uiteensetting van die werk van die Nederlandse

¹⁾ Vgl. F. C. L. BOSMAN: *Drama en Toneel* pp. 350—351.

²⁾ Vgl. *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. XI p. 70.

³⁾ Capstadt, 1837.

⁴⁾ Kaapstad 1840. Ook afgedruk in die *Ned. Z.A. Tijds.* XIX, pp. 369—383.

⁵⁾ Kaapstad by S. SOLOMON, 1842.

⁶⁾ Kaapstad 1840.

⁷⁾ *Ned. Z.A. Tijds.* Dl. XVII p. 58.

taalgeleerdes TUINMAN, MEYER, HOOGSTRATEN, TEN KATE, KILIAAN, HUYDECOPER, SIEGENBEEK, BILDERDIJK, KINKEL en v. d. PALM. Maar in sy voordragte, sy kolleges en sy taalkundige werke het hy altyd binne die begripsvermoë van sy toehoorders of lesers gebly. 'n Duidelike bewys daarvoor is sy *Geslachtwijzer der Nederduitsche Taal*¹⁾ (1842) waarin hy probeer het om die dorheid van so'n handboek enigszins minder afstotelik vir die Kaapse jeug voor te stel, daar die onderfinding hom al geleer het dat hul die geslagte soos pappegaaie moes leer, omdat alle taalgevoel daarvoor verlore gegaan het. As hy in die bekende Hollandse bronne, HOOGSTRATEN, SIEGENBEEK, WEILAND, MARTIN en BILDERDIJK se geslaglyste, die woord „pret" nie vind nie, roep hy uit: „Hoe! dacht ik bij mij zelve, sijn mijn landgenooten dan zóó stroef en verdrietig van aard, dat het woord pret bij hen niet eens in de dictionnaire staat?" En dan besluit hy, hy sal dit aan die Kaapse jeug nie onthou nie! Op geleerdheid het hy hier geen aanspraak gemaak nie, geen orakeltaal verkondig nie maar die lesers aangespoor, „maar eenvoudig om het geslacht van een woord komt aankloppen, gelijk men om een broodje bij den bakker gaat." ²⁾

Tien moeilike jare het hy op die Athenaeum deurgeworstel en toe word dit duidelik dat as hy dit langer volhou „it would have frozen the genial current of my soul," soos hy dit uitgedruk het in sy lesing *European Education adapted to the Wants of the Youths of this Colony*³⁾ (1842). Gedurige gebrek aan fondse en onderlinge geskille in die raad het die ontwikkeling van die Athenaeum erg belemmer, maar sy hande was veral gebind deur die seggingskap van die regering wat op algehele verengelsing van die inrigting afgestuur het. Toe hy in 1842 bedank en self 'n Instituut oprig, was die laaste struikelblok uit die weg van verengelsing verwyder.

Met sy Instituut in Strandstraat waaraan ook 'n kosskool verbind was, het hy gou 'n geweldige konkurrent vir die

¹⁾ By COLLARD, Kaapstad 1842.

²⁾ *Geslachtwijzer*, Voorbericht.

³⁾ Cape Town, 1842. Vgl. ook sy *Introductory discourse delivered at Lausanne*, Lausanne, 1868.

Athenaeum geword. Tot 1860 kon hy sterk weerstand bied aan die verengelsing omdat hy gegee het *Europeesche Opvoeding: gewijzigd naar de behoefte van deze Kolonie* soos sy advertensie lui by die oprigting daarvan¹⁾. Die Athenaeum egter wou uitsluitend Engels, en het onmiddellik die dubbel-medium Engels en Hollands afgeskaf na sy vertrek. ²⁾ Hy het die noodsaaklikheid om tweetalig te wees besef, daar is voorsiening gemaak vir Frans en Duits maar dit is tog met die Hollandse taal waarmee hy hom die ywerigste bemoei. Hy skryf sy *First Book of Exercises for the use of the Dutch classes in the Government Schools and in the mission and other schools receiving aid from the Colonial Treasury* (1843) ³⁾ en in 1844 verskyn die werk waarmee hy Europese vermaardheid verwerf het, *De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika hersteld, zijnde een handleiding tot de kennis dier taal, naar de plaatselijke behoefte van het land gewijzigd.* ⁴⁾ Die werk is met opset so ingerig dat dit ook vir Nederlanders 'n belangrike sy kon hê maar in die eerste plek was sy doel tog die Afrikaners binne wie se begripsvermoë hy ook hier bly. Vir hom het die hooggaande geskille oor kleinighede in die taal altyd iets belaglik gehad en hy tree dikwels die leser met 'n glimlag tegemoet, wat miskien nie met die gewigtige taak van taalsuiweraar strook nie maar „wie zich daaraan ergert, hale gerust over zulke ligtzinnigheid de schouders op; de schrijver kan niet helpen, dat hij zoo, en niet anders, bestaat.” ⁵⁾ Sy hele *oeuvre* dra 'n persoonlike stempel; sy gees was oorspronklik en selfstandig. In sy *First book of Exercises* het hy die „barbarisms” aangestip en 'n juiste vertaling gegee, maar nou twyfel hy aan herstel en beskou die taal waaraan hy soveel moeite bestee „gelijk een geneesheer een ongeneeslijken lijder, wiens kwaal in hare verderflijke uitwerkingen wel eenigzins kan gematigd, wiens gewissen dood wel eenigen tijd kan vertraagd worden maar op wiens volkomen

¹⁾ *De Zuid-Afrikaan*, 10 Jan. 1842.

²⁾ WALKER: *History of the S.A. College* p. 23.

³⁾ Cape Town, A. S. ROBERTSON 1843.

⁴⁾ Kaapstad, J. H. COLLARD 1844. 'n Tweede druk in 1848 by J. v. D. VLIET, Rotterdam.

⁵⁾ Voorrede, *Ned. Taal Hersteld*.

herstel niet meer te hopen valt." 1) Agterin die grammatika het hy 'n *Proeve van Kaapsch Taaleigen* geplaas maar ook dwarsdeur die boek die aandag gevestig op 'n groot aantal eenaardighede van die Kaapse spraak. Ook hy skyn te onderskei tussen die taal van die „beskaafde” mense, die van die „gepeupel” en die van die Hottentotte en dit is die taal van „eersgenoemde” groep wat hy wil probeer herstel. Sy poging het op 'n mislukking uitgeloop soos hy self gevrees het maar vir wie belangstel in die geskiedenis van Afrikaans is die *Proeve* die kosbaarste bron uit die eerste helfte van die 19de eeu. 2)

In die brosjure van DE LIMA, *De taal der Kapenaren tegen de schandelijke aanranding derzelve van Professor Changuion*, wat kort daarop verskyn het, is die taalgeleerde uitgeskel vir 'n flikflooier, wat Hollands in 'n Engelse gewaad wil hul. Die beweegredes vir DE LIMA se venynigheid is nie duidelik nie maar uit suiwere liefde tot die taal kon hy hom nie so te buite gegaan het nie. Miskien was dit om wit voet te soek by die Kaapse publiek, miskien uit wetenskaplike naywer, miskien slegs uit geldgebrek of ingekankerde sin vir teënspraak. Hoe dit ook al sy, CHANGUION het dit nie die moeite werd geag om hom te antwoord nie en kalm aangegaan met sy eerste reeks *Elements of Translation in easy lessons* (1846) 3) en sy *Wijsgeerig en Godsdienstig Leesboek*.

Die doel van die *Proeve van Kaapsch Taaleigen*, waarteen De Lima so tekeer gegaan het, nog meer dan teen die grammatika self, was van tweërlei aard, prakties sowel as wetenskaplik nl. om die taal van die beskaafde Kapenaars te suiwer en 'n bydrae te lewer tot die ontluikende Hollandse dialekondersoek, om vergelykingsmateriaal te verskaf. 4) Dit is ook die geval met sy *Ontwerp van een Groot Nederlandsch Woordenboek* wat hy in 1848 aan die „Maatschappij der Nederlandsche

1) Voorrede, *Ned. Taal Hersteld*.

2) Vgl. S. GOLDBLATT: *Die Huisgenoot* Jan. en Feb. 1919, oorgeneem in VAN WIELLIGH: *Ons Geselstaal*.

3) 'n Tweede en derde reeks het later gevolg.

4) Vgl. D. F. MALHERBE: *Afrikaanse Spreekwoorde en verwante Vorme*, p. 2.

Letterkunde" in Leiden gestuur het.¹⁾ In die begeleidende brief het hy gewys op die betekenis van 'n woordeboek vir 'n „taalhervormer" soos hy. SWAVING het al geklae dat hy geen behoorlike hulp uit die bestaande Nederlandse woordeboeke in hierdie tweede land van Babel kon kry nie en dat hy daeliks 'n interpretasie moes gee „aan wild vreemde bewoordingen, naar welker wederga, uitlegging of vertaling, men te vergeefs in HOLTROPS Engelsch en Hollandsch Woordenboek, of in de taalkundige werken van SIEGENBEEK, WEILAND, BILDERDIJK of BIJER zoeken zoude." ²⁾ Hieraan wou CHANGUION nou 'n end maak en hy wou 'n damwal opwerp teen „de verbastering welke onze taal als eene verwoestende overstroming bedreigt" maar hy wou ook bydra tot 'n geskiedkundige oorsig van die ontwikkeling van die Nederlandse taal, tot die dialekondersoek. Daarom waarsku hy: „wachten we ons voor de dwaasheid van hen, die met afleidingen uit het Persisch en Sanskrit schermen, terwijl zij in de taal van HOOFT en CATS nog niet eens regt te huis zijn." Sommige van sy wenke soos die alfabetiese rangskikking in plaas van die etimologiese, waar die taalgeleerdes aan die begin van die neëntiende eeu so mee gedweep het, die opname van „uitvoerige proeven van gewestelijk taaleigen" waar hul nog so bang voor was, is later deur Professor M. DE VRIES in die *Woordenboek der Nederlandsche Taal* uitgevoer, of liever die sure ondervinding het hom daartoe gedwing maar CHANGUION het nooit enige erkenning vir sy deurdagte ontwerp gekry nie nog in die verslae van, nog in die inleiding tot, nog in Deel I van die *Woordenboek der Nederlandsche Taal* (1882).

Maar CHANGUION was 'n eensame stryker, 'n man wat sy tyd en sy aangenome vaderland ver vooruit was, as taalkundige en as kerkman te modern, te liberaal in sy sienswyse, vir die smaak van die ortodokse metodistiese predikante aan die Kaap. Toe hy meen dat die kerk die vrye ondersoek van die

¹⁾ Vgl. my artikel: *Dr. A. N. E. Changuion se Ontwerp van 'n Nederlandse Woordeboek*, *Tijds. vir Wetenskap en Kuns* 1932, Dl. 4, p. 20. My dank aan die Leidse Universiteitsbiblioteek vir toelating tot en hulp in die Handskriftesaal.

²⁾ *Zonderlinge Ontmoetings*, sien p. 270.

Bybel aan bande wou lê, wat niks anders was as hul vrees vir die opkomende Hollandse liberalisme, het hy in *De Kerkbode* van 1849 tot 1851 'n reeks artikels geskrywe onder die titel: „Een is uw meester, namelijk Christus.”¹⁾

Soos met sy taalkundige ondersoek was dit hom in die eerste instansie te doen om die praktiese van sy bybelondersoek en oorpeinsing.²⁾ Dit is nie die leerstellinge nie maar die woorde van Christus wat hy duidelik, eenvoudig en beknop toegelig en as volkslektuur die wêreld ingestuur het.³⁾ Maar hy het hom nou eenkeer op die glibberige gebied van die teologie gewaag, in 1845 reeds 'n *Handleiding voor Christenen* deur ANDREW REED vertaal⁴⁾, C. W. STEGMANN gehelp met die vertaling van 's *Christens Reize naar de eeuwigheid* in 1842 en *Kerkbode*-artikels geskryf. Die pad sou hom nog verder in die ongeluk stort as die onsimpatieke houding van die regering, destyds aan die Athenaeum, hom reeds gebring het, omdat hy nou ook nog onsimpatieke Engels geörienteerde Afrikaners teen hom gekry het. Ds. ABRAHAM FAURE, wat drie jaar onderwys aan die Kaap ontvang het in die Latynse skool van Dr. HALLORAN, van 1814 tot 1816 in die lettere en godgeleerdheid in Engeland gestudeer het onder een van die stigters van die Londense Sendinggenootskap, wat na sy terugkeer in sy vaderland in 1818 in die huwelik getree het met die dogter van 'n offisier in die Britse leër, in 1843, kort na die Britse Anneksasie, deur Sir GEORGE NAPIER na Natal gestuur is om die agtergeblewe Boere met die Britse imperialisme te versoen, die invloedrykste man in die kerk, was voorwaar geen gemaklike teenstander nie. En op sy inisiatief besluit die Ned. Ge. ef. Kerk in 1847 om 'n teologiese kweekskool op Stellenbosch op te

¹⁾ Dit is in 1853 oorgedruk met 'n voorrede deur ds. RUTGERS VAN DER LOEFF, getitel: *Licht op uw Levenspad*. Woorden van den Zaligmaker op een bevattelijke wijze toegelicht door A. N. E. CHANGUION.

²⁾ Vgl. *De Onderzoeker*, April 1865.

³⁾ Sy beskouing oor die benaming „Gods Woord”, in *De Onderzoeker*, Julie en Aug. 1864 is wel van leerstellige aard.

⁴⁾ Pogingen van den Enkelen Mensch tot de *Behoudenis van zijn, natuurgenoot*, zijnde eene *Handleiding voor Christenen* door ANDREW REED, D.D. Vertaald door A. N. E. CHANGUION, Kaapstad 1845.

rig om die liberalisme uit Holland te probeer teëwerk.

CHANGUION het hom teen die oprigting verset in 1853 maar in die Sinode van 1857, wat hy as ouderling-afgevaardigde van die Kaapse gemeente bygewoon het, kon hy sy teenstanders net so min oortuig as in sy ag briewe in *De Zuid-Afrikaan*, wat afsonderlik uitgegee is in 1853: *Bezwaren tegen het oprigten eener Theologische Kweekschool in deze volkplanting.*¹⁾ Uit hierdie botsing van 'n Hollands-liberale met 'n Engels-metodistiese geestesinhoud het 'n pennestryd voortgevloei met sy oud-leerlinge N. J. HOFMEYR (toe predikant op Calvinia) en J. H. NEETHLING (predikant op Prince Albert), wat later hul opstelle verenig het in 'n bundel *Bezwaar tegen bezwaren of Dr. A. N. E. Changuion weerlegd*. Dit het hom verdriet gedoen en in die Voorwoord tot sy *Bezwaren* verklaar hy: „Gelyk te voorzien was, ben ik door sommige tegenschrijvers onzacht behandeld: ik bedoel hier voornamelijk twee mijner voormalige leerlingen.” Hul verontskuldiging vind hy in hul jeugdige leeftyd, maar gaan hul op die ingeslaë weg voort, sal hy verplig wees, om 'n tweede pamflet aan die onpartydige beoordeeling van die Nederlandse publiek voor te lê. Ook Ds. FAURE kry 'n teregwysing. Die verkeerde gebruik van die spreekwoord: „die put demp nadat die kalf verdronke is”, in sy polemieë waar hy bedoel het „die koël is reeds deur die kerk”, stempel die brief van FAURE in die oë van CHANGUION dadelik as 'n geskrif in oorhaas geskryf. Dit het die taalgeleerde aanleiding gegee tot 'n spitsvondige opmerking teen die „Hartelike Voorstander” nl. „tegenstanders der kweekschool zouden misschien boosaardig genoeg kunnen zijn, om zoo iets te beweren (de put dempen nadat het kalf verdronken is); maar van een „hartelijk voorstander” kan men zulks niet verwachten”. Argumente, dreigemente, teregwysings het alles niks gebaat nie, die kweekskool is in 1859 geopen en daarmee die doodvonnis van CHANGUION as kerkman geteken wat die Nederduits Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika betref. Niemand kon hom oortuig dat sy rigting verkeerd was nie en in 1860 publiseer hy nog 'n reeks van sewe briewe

¹⁾ By VAN DER VLIET, Kaapstad 1853.

in *De Zuid-Afrikaan: Over de aard en de strekking der bewegingen in de Nederduitsche Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika* ¹⁾ waarin hy met besadigde, logiese argumente die liberalisme verdedig. Maar hy het verband verloor met die grootste seksie van die gemeenskap wat hy gekom het om tot steun te wees en op te voed en dan verdwyn alle pedagogiese invloed. Die toon wat hy aangeslaan het, sowel as die gevoelens geopenbaar, het hul nie aangestaan nie. Op die gebied van die politiek, nog 'n glibberige pad, het CHANGUION hom vanaf 1849 druk besig gehou, 'n belangstelling wat vanaf sy aankoms dateer. In die anti-bandiete-agitasie van 1848 tot 1850 wanneer die Neptune vertrek, het hy 'n vername rol gespeel. ²⁾ In 1853 skryf hy 'n tweetalige pamflet van aktuele belang destyds, wat in druk uitkom enige maande na die Ordonnansie vir die nuwe Konstitusie in die Goewernementsgaset gepubliseer is nl. *A Catechism of the constitution ordinance, followed by hints on the most essential requisites of our future members of Parliament. Kort begrip van de Constitutie Ordonnantie* ³⁾ waarin hy in die populêre vorm van vraag en antwoord die nodige inligting en voorligting aan stemgeregtigdes gee. Sy hoofartikels in *De Zuid-Afrikaan* dateer van ongeveer 1854 en sy medewerking het hy sowat elf jaar volgehou. Die gees is altyd sterk pro-Hollands-Afrikaans en enige voorstel, soos die in *De Kerkbode*, die offisiële orgaan van die Ned. Geref. Kerk, om Engels te preek, word met hand en tand bekamp, ⁴⁾ as ook die Britse naturelle-politiek, ⁵⁾ en die wetsontwerp om die Engelse erfreg in te voer in die plek van die aloue Romeins-Hollandse reg. ⁶⁾

By sy kerklike en politieke bedrywigheid, by die werk wat sy Instituut vereis het, het hy nog tyd gevind om sy wetenskaplike werk voort te sit. Uit die Frans vertaal hy 'n

¹⁾ *De Zuid-Afrikaan* 21ste, 24ste, 31ste Mei, 4de, 11de, 14de, 18de Junie 1860.

²⁾ Vgl. *De Zuid-Afrikaan*, 21 Mei 1849, Resolusie No. 7 voorgestel deur prof. CHANGUION op die protes-vergadering; vgl. ook *De Zuid-Afrikaan*, 19 Julie 1849 vir sy toespraak.

³⁾ Cape Town 1853.

⁴⁾ *De Zuid Afrikaan*, 28 Julie 1856.

⁵⁾ *Ibid.*, 30 Junie 1856.

⁶⁾ *Ibid.*, 15 April 1858.

Geschiedenis der Fransche Protestantische Vlugtelingen in 1854 en uit die Hollands *The Pastor of Vliethuizen*, 1861. Hierdie twee vertalings staan in nou verband met sy taal- en kerkstryd. In die voorwoord van die geskiedenisboekie wys hy daarop dat die protestante in Frankryk één teen twintig was, die Nederduitsche kerk in Suid-Afrika maak drie vierdes van die bevolking uit „en zou het dan geen schande zijn, indien men met onverschilligheid toezag, dat de belangen dier kerk, onder het schoonschijnend voorwendsel van onpartijdigheid, aan de gevaren van staatkundige proefnemingen worden bloot gesteld?” Die groot intekenlys, ’n metode wat baie in swang was, en herhaaldelik deur CHANGUION gebruik, is ’n bewys dat die onverskilligheid nie heeltemal so groot was as hy gevrees het nie. Ook *The Pastor of Vliethuizen* het ’n taamlieke groot leserskring gehad daar dit in die vorm van ’n feuilleton maandeliks in *De Onderzoeker* gepubliseer is voor dit in boekvorm verskyn het. Dit is die werk van die later hoogleeraar, DIEST LORGION, een van die verteenwoordigers van die Groninger Skool, waarin die vertaler betoog dat die wetenskaplike ondersoek van die Bybel nie aan bande mag gelê word nie.

Naas hierdie vertaalwerk skryf hy oorspronklike taalkundige werke soos die *Beginnelsen der Cijferkunst* (1857)¹⁾ en die bekende *Elements of Dutch Grammar* (1860),²⁾ wat lang jare op die skole in gebruik was, maar dit het hoe langer hoe slegter met sy Instituut gegaan; die ouers het sleg betaal, tog was die groot rede dat hy nie meer die volle vertroue van die gemeenskap geniet het nie vanweë sy liberalisme en uitgesproke Hollandse geestesinhoud. Na die sluiting van sy skool in 1860 het hy hom nog ’n tydlang gewy aan die voorbereiding van kandidate in sekere openbare eksamens van die Raad van Eksaminatore, hy hou nog ’n *Voorlezing ter aanprijzing van een bazaar ten behoeve der dagscholen in verband met de Ned. Geref. Kerk in de Kaapstad* (1862)³⁾ maar in 1864 besluit

¹⁾ Kaapstad 1857.

²⁾ Kaapstad 1860.

³⁾ Kaapstad 1862.

hy om met sy familie vergoed na Europa terug te keer. Hy is daar in Lörrach, Switserland, in 1881 oorlede.

Voor sy vertrek het hy 'n reis deur die Kaapkolonie gemaak, orals toesprake gehou ¹⁾ om afskeid te neem en die redes vir sy vertrek uiteen te sit, wat hy nogmaals herhaal het in sy *Introductory Discourse* in 1868 in Lausanne gehou. Hy kon hom nie meer verenig nie nòg met die politieke nòg met die kerklike standpunt. Die proklamasie van 5 Julie 1822, waarby Engels as die offisiële taal verklaar is, en waarby tot die ontbieding besluit is van predikante uit Skotland „that the language of the Parent Country should be more universally diffused” en die plaatsing van onderwysers uit Engeland geskied het „at every principle place throughout the Colony for the purpose of facilitating the acquirement of the English language to all classes of society”, was 'n volslae sukses. CHANGUION het daagliks sien aankom „hoe de taal uwer voorouders allengs van gedaante en kleur verandert, hoe zij, met Engelsche, Hoogduitsche en andere woorden en spreekwijzen als met een veelkleurige plunje van een voddenmarkt uitgemonsterd, eerlang zoo kakelbont zal worden als een harlekijn pak”, ²⁾ maar hy was soos een roepende in die woestyn. Sy Instituut moes gesluit word, die Kaapse Athenaeum was totaal verengels en die Graaff-Reinetse, wat hy in September 1861 ingewy het, ³⁾ te ver weg om van daadwerklike betekenis vir die hoofstad te wees. Die ebyd in Suid-Afrika was vir ons op sy laagste in Oktober 1859, toe 'n ouderling van die Nederduits Gereformeerde Kerk op 'n kerkraadsvergadering voorgestel het om die deure van die kerk wyd oop te sit vir die Engelse taal. Sy hoofargument was dat in die kolonie tog alles Engels was, „en wij, hoe ook verkleefd aan die taal waarin wij opgevoed zijn, of welke wij onze „moedertaal” noemen,

¹⁾ Vgl. sy *Valedictory adress delivered at various country towns and villages on a tour through part of the Colony of the Cape of Good Hope*. Cape Town, 1865.

²⁾ *Uit ware belangstelling in de Ned. Taal en Letterkunde*, Kaapstad 1840.

³⁾ Vgl. *Adres bij de inwijding van het Graaff-Reinetse Athenaeum*, Sept. 19, 1861.

kunnen even zoo min de eb en vloed der zee keeren, als beletten dat de Engelsche taal algemeen worde! — Getuige de laatste jaren: het *Parlement*, het *Hooge Geregts-hof*, de *Magistraats Hoven*, alle publieke bezigheden, zoo wel van het Gouvernement als die waaraan de ingezetenen deel hebben — het is alles Engelsch. In meest alle scholen maakt het Engelsch het hoofdonderwijs uit, — en misschien met een of twee uitzonderingen, waar men in het Hollandsch ook onderwijst, worden de scholen voor jonge jufvrouwen, bij uitsluiting bestuurd door Engelsche onderwijzeressen, die geen enkel woord Hollandsch verstaan.”¹⁾

Dat die mens sterflik is, weet iedereen, dat hy daarom nog geen selfmoord hoef te pleeg nie, het blykbaar slegs Dr. S. P. HEYNS en ouderling CHANGUION besef, toe hul eers beswaar teen die voorstel gemaak het en daarop, toe dit deurgaen, protes aangeteken het.

Meer as drie en dertig jaar, meer as die helfte van sy leeftyd het die onvermoeide stryker aan die Kaap gearbei voor hy die moed laat sak het. Ondanks die groot teleurstelling, wou hy tog graag gehad het dat die periode nog lang sou „nagalm”, ’n wens wat hy uitgespreek het in die voorrede tot ’n bundeltjie gedigte *Nagalmen* wat kort voor sy vertrek verskyn het.²⁾ Dit bevat „eene reeks van photographiën van zijn inwendig bestaan, op verschillende tijdstippen van zijn leven”³⁾; met ander woorde, soos ’n rolprent trek sy lewe hier by ons verby. Op die naam van digter het hy nooit aanspraak gemaak nie, daarvoor het hy te veel selfkennis gehad, te veel klassieke literatuur gelees maar kultuurhistories is die verse van groot betekenis. CHANGUION dig heeltmal in die trant van die destydse gevierde digters CATS, FEITH, BILDERDIJK en TOLLENS en in die verre Suidhoek koester hy dieselfde verering vir die Franse staatsman-digter LAMARTINE as SPANDAW in Nederland en KAREL LEDEGANCK in

¹⁾ Oor Engels preek vgl. *Het Volksblad*, 25 en 27 Okt., 3 en 8 Nov. 1859.

²⁾ By VAN DE SANDT DE VILLIERS, Kaapstad 1865.

³⁾ Voorrede.

Vlaanderen.¹⁾ In die *Ned. Z.A. Tijdschrift* in die jaar 1840 verskyn *Vertalings uit de Reis van Lamartine naar het Oosten*. In 1848 stuur CHANGUION saam met die ontwerp vir 'n woordeboek, 'n uitstekende vertaling aan die Leidse maatskappy, *Rouwklagt van Lamartine over den dood van zijn dochtertje*, wat hul gepubliseer het in *Het Algemeen Letterlievend Maandschrift*, 'n bekende Hollandse blad, van 1849 en wat hy later opgeneem het in *Nagalmen*. Die vertaling is 'n bewys hoe hy steeds op die hoogte gebly het van die Europese literatuur van sy eie tyd. Die hele bundel moet in die kader van daardie tyd beskou word.

Die eerste „galm”, 'n *Nieuwjaarswensch*, is de rymelary van 'n sestienjarige; die langdradigheid sowel as die „rozenpad”, „filomeelenzang”, „treurvalleijen” en „ramporkanen” waarvan daar sprake is, moet aan sy jeugdige leeftyd toegeskrywe word.²⁾ Beter is *De Noodlottige Zaterdag* waarin die Leidse student in luimige trant vertel van al sy wederwarigheid tydens 'n „grootte schoonmaak” by sy hospita. Wie dergelyke noodlottige dae in Holland nie beleef het nie, kan van geluk praat:

„Hier gaat het weer den oudengang,
En dit duurt gansche uren lang,
Geen draadje blijft er op 't tapijt,
Men houdt niet op met wrijven;
Want om de minste kleinigheid
Raakt soms mevrouw aan 't kijken.”

Van die soort rympies, nie beter nie en nie slegter nie, het *Di Patriot* in die sewentiger jare talryke versprei, met die verskil dat hul in die Afrikaanse vorm opgestel was. Die eenvoudige humoristiese verhalende verse soos *Gedenkwaardige Maaltijd* en *Teedere Liefdeklacht van een Apotheker* van CHANGUION, het byval gevind, veral as dit soos in die geval van *De Luidruchtige jasparty* in die vorm van 'n tweespraak gegiet was. Die onderwerp, die ou kaarspel „klawerjas”, het tot vandag nog sy bekoring vir ons boerebevolking. 'n Digter,

¹⁾ Vgl. TE WINKEL: *De ontwikkelingsgang der Ned. Ltk.* IV. p. 677 oor die invloed van Lamartine se *Premières méditations* (1820) waarmee hy die nuwe romantiese skool inlui.

²⁾ Ook afgedruk in *Zuid-Afrik. Tijd.*, 1834.

wat by hul gelief was, Vader CATS, word nagevolg in *Het stadje daer ik woon*, 'n rymbrief waarin selfs die onreëlmatige, willekeurige Catsiaanse spelling nageboots is. Albumverse soos *In het album van N. T. Z.*, en *In het album van J. v. H.* is studente-mode-werk wat nou ouderwets en sentimenteel aandoen. Dit is ook die geval met *De Peinzende Minnaar en Lied aan de Verveling*, wat tydens die Tiendaagse veldtog gemaak is, net retoriëse, holle klanke waarin alle krag en individualisme ontbreek. Enige vooruitgang is te bespeur in die verse aan die Kaap gemaak. Die eerste gedig, wat hy uit die Kaapse periode opneem, *Aan eene vriendin ten geleide van een geschenk*, dateer uit 1832. Daardie „vriendin” was MAGDALENA ELIZABETH FAURE met wie hy kort daarop getroud is. In haar album is ook geskryf *In de vriendenrol van een jonge dame* en op haar slaan die minnedig *Verloving*. Eg en innig, beskeie is die toon van die minnaar in die albumversie:

„Minzaam lagchend gaaft ge 't blaadje,
 En ik was te regt verblijd,
 Want ik dacht, sta 'k in dat boekje,
 Dan is me ook een plaatsje of hoekje
 In uw achting toegewijd.”

CHANGUION het sy groot geluk aan die Kaap gevind waar hy van plan was om sy lewe te slyt. Sy verse is deur daardie land geïnspireer, die geskiedenis van daardie land het hy syne gemaak soos ook blyk uit die *Cantaten bij eene voorlezing van den gewezen fiskaal, Mr. D. Denysen*.¹⁾ Van chauvinisme en retorika is hierdie kantate nie vry nie maar daar sit tog opregte liefde tot die nuwe vaderland in, regmatige trots op die stigter, VAN RIEBEECK:

„De Kaap der Stormen, 't golfgeklots
 Schrikt hem niet af; hij plant zijn standers,
 Op klip en rots.”

In die slotsang word die muse van die geskiedenis wat alles in haar „historieblaen” opteken, aangeroep:

¹⁾ Ook geplaas in *De Ned. Z.A. Tijd.* 1835, p. 29.

„Dat ons land daar ook moog prijken,
 Dit wensch ieder Afrikaan,
 Dat het uw' historieblaën,
 Met veel lofliks moog verrijken.”

CHANGUION het hom heeltemal Afrikaner gaan voel. Hy skryf geleentheidsverse by die huwelik van die Kaapse predikant dr. S. P. HEYNS en ter geleentheid van 'n onthaal aan die bestuur van die Landboukundig genootskap in 1846, dig 'n drietal skoolliedere op versoek van die skool „Tot Nut van 't Algemeen”, nl. *Bij een examen, Na de prijsuitdeling en Na eene vacantie* en maak 'n vers op *De Kaffer Oorlog* (1846) waarin sy meegevoel met die grensboer duidelik spreek. Laasgenoemde roep die *Unie-kantate* van JAN CELLIERS voor die gees. Dit is volgens opgegewe versmaat maar die plastiese skildering, wat deur die gejaagde klank en ritme sigbaar is, is sy eie en nie onverdienstelik nie:

„Luid en naar
 Klonk de maar
 Woest gespuis bestookt ons land,
 Aangesneld!
 Keer 't geweld,
 Tref den vijand, blusch den brand.

Help ons God!
 Welk een lot,
 Grimt den grensbewoner aan:
 Op de been,
 Snelt er heen,
 Wie zou hier van verre staan?

Jeugdig bloed,
 Fiere moed,
 Zijn ons prikkels tot den strijd;
 Wordt ons land
 Aangerand,
 Roep ons op, wij zijn bereid.”

Tot die kultuurstryd was CHANGUION altyd bereid solang soos die kans op oorwinning nie heeltemal uitgesluit was nie, maar soveel vrugte op sy arbeid as wat hy hom voorgespieël

het, het hy nie gesien nie. Die stryd staa en verhef maar as die getalle van die teënparty te oorweldigend is, lei dit tot twyfel en wanhoop aan die goeie saak. Die hoogstaande, diep godsdienstige geleerde pedagoog met liberale beskouings, kon nie meer die ortodokse gemeenskap van die egtheid en diepte van sy godsdiens oortuig nie en daarmee het vir hulle alle opvoeders geval of gestaan. Ons het by die groot nasionale insinking gekom en toe daar moes gekies word tussen Hollands en liberaal aan die eenkant en Skots-Engels en ortodoks aan die ander, wat oriëntering betref, het CHANGUION 'n verpletterende neerlaag gely. Nie sonder noodlottige gevolg vir homself, het hy die later moderne predikante D. P. FAURE, S. P. NAUDE, J. J. KOTZÉ en A. C. W. LEIBBRANDT aan sy Instituut opgevoed nie, waar ook die staatsman H. J. HOFMEYR en die teologiese professor N. J. HOFMEYR hul opleiding ontvang het. En tog — *De Onderzoeker* het in sy afskeidswoord aan die groot opvoedkundige, taal- en letterkundige, kerkmanpolitikus die waarheid voorspel toe dit hom getroos het met die afskeidsworde: „goed zaad met wijsheid en liefde in die ziele uitgestrooid, kan niet nalaten eenmaal goede vruchten voort te brengen; al wordt deze niet aanstonds bespeurd, toch zal de toekomst ze eens doen aanschouwen, zoo niet aan den tijdgenoot, dan toch aan den nakomeling”.¹⁾ Die nakomeling het die vertrek van dr. A. N. E. CHANGUION gaan betreur as een van die grootste verliese van die neëntiende eeu en sy werk van onbetaalbare waarde gaan skat.

4. ASSISTENTE AAN DIE HOLLANDSE INSTITUUT IN KAAPSTAD, VERAL DR. J. W. G. VAN OORDT.

Die Instituut van Dr. CHANGUION in Strandstraat waarvan daar ook 'n kosskool verbonde was, kon nooit so 'n groot bloei bereik het nie, as die hoof nie die uitstekende samewerking geniet het van manne soos die skrandere maar hiperkritiese D. P. FAURE, soos die redakteur van *Het Volksblad*, later pro-

¹⁾ *De Onderzoeker*, April 1865.

fessor RODERICK NOBLE, soos die eerste redakteur van *De Onderzoeker*, LEOPOLD MARQUARD, en die belangrikste van almal, Dr. JOHAN WILHELM GERBRANDT VAN OORDT.¹⁾ Dr. VAN OORDT, gebore in 1826, klassikus sonder weerga in Suid-Afrika in die 19de eeu, uitstekende kenner van die oue en moderne geskiedenis, het op betreklik jeugdige leeftyd sy lot met ons ingewerp, en hier in die huwelik getree met 'n dogter van CHANGUION. Behalwe vir 'n tussenpoos van 1860 tot 1876 toe hy werksaam was aan die Gimnasium in 's Gravenhage, het hy sy lang lewe, en byna grenselose arbeidslus tot sy dood in 1904, in diens van Suid-Afrika gestel.

Hy was eers leraar aan die gimnasium in Gouda waar hy NICOLAAS JACOBUS VAN WARMELO, die later Transvaalse predikant onder sy leerlinge getel het. Die betrekking van leraar in die Nederlandse taal en in algemene geskiedenis daar, het hy in 1853 verwissel vir die van leraar in die skool van dr. CHANUGION. Van sy pen het verskyn: *De uitwendige politiek van Griekenland gedurende het tijdvak der Grieken en hunne Volksdenkbeelden* (1863), *Constantijn de Groote en zijne voorgangers* (1868), en *Grieksche mythologie* (1874). Maar sy roem als klassikus en as skywer het hy te danke aan sy vertaling van die *Descriptio Epistolaris* van DE GREVENBROECK, wat hy in die opnuut deur hom opgerigte *Zuid-Afrikaansche Tijdschrift* geplaas het.²⁾

Hy het naam gemaak as joernalis en later as redakteur van *Het Volksblad*, bydraer tot die Engelse blad *Standard and Mail* en was byna tot aan sy dood verbonde aan *Ons Land*; Dr. VAN OORDT was 'n tydlang Transvaalse historikus, wat as vrug van sy argiefstudie in verband met die Groot Trek, 'n verhandeling gelewer het oor *De Transvaalse Gebeurtenissen en de Toekomst van Zuid-Afrika* (1881) en een oor *Slachtersnek*; op hoë ouderdom het hy nog 'n wêreldgeskiedenis in vier dele tot op die val van NAPOLEON geskryf wat as 'n standaardwerk

¹⁾ Enige lewensbesonderhede ontleen aan: *Nieuw Ned. Biograph. Wkb.*, BOSMAN en DREYER: *Hollandse Joernalistiek in Suid-Afrika*, p. 30—31. MANSVELT: *De Betrekkingen tusschen Ned. en Z. A.*, pp. 41—43.

²⁾ Sien p.

van die eerste rang beskou word. Sy werkkrag en sy liefde vir sy sonnige aangenome vaderland het met die jare nie verminder nie. En hy het ons 'n seun gegee, J. F. VAN OORDT, beter bekend en gelief as „D'Arbez”, historikus, historiese-romanskrywer, die grootste Hollandse literator en beste verteenwoordiger van die Romantiek in Suid-Afrika. ¹⁾

Ook vir dr. VAN OORDT het dit teen 1860 toe die angliseringsproses 'n hoogtepunt bereik het, en hy die kerk teen hom gekry het oor sy liberale sienswyse, onhoudbaar geword.

Dit het gelyk alsof die ebyd van die Dietse kultuur in Kaapland gekom het, om te bly.



¹⁾ D'ARBEZ word in Deel II bespreek.

HOOFSTUK XI.

ORTODOKSIE EN ROMANTIEK TEENoor REALISME EN LIBERALISME.

1. ORTODOKSIE OP DIE PLATTELAND. MEWES JOHANNES TROMP.

Daar het 'n hemelsbreë kloof gegaap in geestesinhoud tussen die skool van CHANGUION, wat as sentrum die hoofstad gevind het en die skool van die ortodokse Skotse predikante, wat hul invloed en verteenwoordigers meer op die groot dorpe gehad het. Dit was veral die predikante-familie MURRAY wat die meeste invloed op die platteland gehad het. Al het hul die Hollandse taal aangeleer, Hollands was en kon hul inhoud nooit wees nie.

Die populêre *Kaapse Kinderbijbel* van JOHN MURRAY wat in 1857 binne ses maande uitverkoop was, „een ongehoord feit hier aan de Kaap”¹⁾, is niks anders as 'n vrye vertaling van 'n Engelse werk *Line upon Line*, wat by duisendtalle in Engeland versprei is.²⁾ Hul was predikante van die Hollandse kerk, maar hul ortodokse rigting was nie die van Holland nie. 'n Kontrastering tussen die geselskapsliedere van DE KOCK en 'n bundel verse van MEWES JOHANNES TROMP, lidmaat van die Stellenbosse kerk, wat omstreeks dieselfde tyd (1850) vir sy sanglustige „waarde landgenooten” dig, kon dien ter verder illustrasie. Die titel van die bundel van TROMP lui: *Eenvoudige Mengeldichten over Godsdienstige onderwerpen*

¹⁾ *Elpis*, 1857, pag. 236. Vgl. „Aanteekening” voorin die *Kinderbijbel*.

²⁾ Hy het ook 'n *Catechisatie-Boek over de Leer der zaligheid, volgens het korte begrip, vooral voor huiselijk gebruik* opgestel. Kaapstad 1857. Dit was baie populêr, vyfde druk in 1872.

onder den naam van Eenzame Gemeenschap met den Vader der Lichten, tot vermaak en aangenaamheid van eenvoudigen in Christus. ¹⁾

Dit moes dus. soos die geselskapliedere, „tot vermaak en aangenaamheid” dien, die vervaardigers of versamelaars is albei gebore Afrikaners, die werkies word by dieselfde Afrikaanse uitgewer uitgegee maar die een sit vol dawerende lewensvreugde, bevat uitdagings van ’n selfstandig-denkende en ten volle gelykwaardige vennoot in die twee- of meerslagtige Kaapse Maatskappy, die ander is dweperig vroom, lerend, stigkend en vermanend, so eg na die hart van die eenvoudiges. Die digste wat TROMP by ’n sprankeltjie lewe kom in sy meer dan honderd volgerymde bladsye, is in *De Heilige Cijferkunde*, ’n kuriosum, ’n vernufspel, wat aan die 18de eeuers herinner. Die terminologie van die matematikus moet hier dien as opskrifte en inspirasie vir die moraliserende digter b.v.:

„Additie —
 Leer, landgenoot, leer dan voortaan
 Uw levensdagen tellen.
 Subtractie —
 Trek u staag af van heerschappij,
 Van duiwel, vleesch en wereld”.

En so is daar koeplette vir multiplikasie, divisie, die reël van drie, die reël van die breuke, praktyk ens. met ’n wyse les vasgeknoop aan elke sommetjie. Die kort sangspel *De zeventvoudige lof van Jezus naam* het alleen dit met ’n sangspel gemeen dat die name van die karakters en hul instrumente van begeleiding aangedui word. Van intrige of handeling is daar geen sweem nie; die hele bundel is ’n eentonige gedreun van godsdienstige verse, wat soos twee druppels water op mekaar lyk.

Die Stellenbosse leesgeselskap *Lust tot Wetenschap* kom in 1840 te staan op die lys van intekenaars op die *Ned. Z.A. Tijdschrift* ²⁾, maar langsamerhand het die opvatting op die

¹⁾ Kaapstad, v. D. SANDT DE VILLIERS & Co. 1850. ’n Eksemplaar is goedgeestiglik aan my geleen deur dr. F. C. L. BOSMAN.

²⁾ *Ned. Z.A. Tijds.* XVII, p. 52.

platteland veral, posgevat dat 'n digter hom alleen maar in godsdienstige verse uit en dat 'n gelowige gemeenskap geen wêreldse liedere sing en geen andere dan godsdienstige lektuur in hande neem nie. Geen wonder dan dat die translateurs by die hooggeregshof, SWAVING en DE KOCK, en hul veel belangriker stadgenote CHANGUION en VAN OORDT, almal gelowige skrywers maar met 'n meer rasonale Hollandse filosofie toegedaan, wat hul nie altyd op die versigtigste en mees diplomatieuse wyse gepropageer het nie, hul invloed gaan verloor het op die volk, wat in sy hart Hollands-Afrikaans gebly het maar in die kneep van oorheersing en 'n wêreldstroming vreemd aan sy aard, vasgedruk gesit het.

2. PIERRE DAMMES MARIE HUET, „ALTIJD VERVOERD DOOR
ZIJNE VERBEELDING, ALTIJD DWEEPENDE MET IETS”,
BRING DIE ROMANTIEK NA SUID-AFRIKA.

In 'n „zang voor onze dagen”, *De Hollandsche Taal*, 1857, het 'n onbekende, vergete versmaker A. VAN DER HOOP sy besorgdheid oor die toenemende verengelsing uitgesug. Alles span saam om „de taal, eens landtaal aan dit strand” te verban, orals heers die opvatting dat die taal en die poësie van die romantikus SHAKESPEARE onontbeerlik is by die onderwys —

„Maar toch blijf' ons steeds 't Nederduitsch
De taal, waar wij den Heer in smeeken,
Het Liefst en het vertrouwlijkst spreken
In kerk en school, en in ons huis!”¹⁾

Dit was ook die ondervinding en lewensopvatting van die Paarlse predikant G. W. A. VAN DER LINGEN toe hy in 1853 'n versoek gestuur het na Holland om 'n redakteur, wat onder sy toesig 'n tydskrif vir Suid Afrika sou kon redigeer. Die ou *Nederduitsch Zuid-Afrikaansche Tijdschrift* was al tien jaar dood, die toestand van Hollands het van kwaad tot erger

¹⁾ A. v. d. Hoop: *De Hollandsche Taal*, Kaapstad, by v. d. SANDT 1857.

geword en dit sou nog tot 1878 duur voor Dr. J. W. G. VAN OORDT weer met die uitgawe van die gestaakte periodiek begin.

Ds. VAN DER LINGEN wou 'n eie kristelike tydskrif uitgee, waarin hy „vooral een bekwaam letterkundige” ¹⁾ in die redaksie wou hê. *Elpis*. Algemeen Tijdschrift voor Zuid-Afrika, is in 1857 opgerig. Die letterkundige, PIERRE DAMMES MARIE HUET, het gekom, geen redakteur geword nie, maar ons 'n bundel *Paarlse Gedichtjens* in 1856 ²⁾ gegee. Dit is gedigte van 'n Romantikus, 'n weerspieëling, 'n ontboeseming, 'n uitstorting van 'n oorvol gemoed wat nêrens rus geken het nie.

Die Verligting (*Aufklärung*) van die agtiende eeu, wat alle „onverstand” ook by ons sou verband” ³⁾, bly in regstreekse verband staan met die neëntiende eeuse liberalisme en in die literatuur vind dit uiting in 'n realisties-romantiesgetinte afbeelding van die daelikse lewe. Maar die stroming word diep oorskadu deur die half-ligte van die Romantiek, wat daar oor Europa gegooi is. Daardie parallelle golf van gevoel en verbeelding het in verband gestaan met die sentimentele rigting van die voorafgaande tydperk, die vernaamste uiting gevind in die gevoelige, dikwels gevoeligerige ballade en natuurlied en in die historiese-roman. Die Reveil, die herlewing van die gevoel op die gebied van die Kerk, het nou by die Romantiek aangesluit. ISAAC DA COSTA, die vernaamste digter van die Reveil, was die laaste man van wie HUET afskeid geneem het voor sy vertrek om die tydskrif van 'n regsinnige, ortodokse predikant teen die „moderne” stemme, wat hier en daar opgegaan het, te help oprig.

PIET HUET (1827—1895), die seun van 'n Amsterdamse predikant by die Waalse Kerk, was 'n gevoelsmens, 'n romanti-

¹⁾ In die korrespondensie met Ds. HELDRING, vgl. *Pierre Dammes Marie Huet*. Een Lewensschets door de Redactie van „Woorden des eeuwigen levens”. Uitgewers, JACQUES DUSSEAU, Amst. Kaapstad (datum onvermeld), p. 32. Die lewensbesonderhede is hieraan ontleen. 'n Kort lewensskets van HUET het verskyn in die *Almanak vir die Ned. Geref. Kerk in Z.A.* 1929, pp. 31—35. S. P. ENGELBRECHT: *Gesch. Ned. Herv. Kerk II*, bespreek sy kerklike loopbaan.

²⁾ Gedruk by N. MARAIS, Kaapstad 1856.

³⁾ Sien p. 147.